

6 Deurme Volgeter

DIE AFRIKAANSE TAALBEWEGINGS

OPGESTEL VOLGENS DIE LEERPLAN
VIR Matriek

DEUR

A. G. S. MEIRING, M.A.

A-

439.3609

MEI

Edouard Potgieter

DIE AFRIKAANSE TAALBEWEGINGS

OPGESTEL VOLGENS DIE LEERPLAN
VIR Matriek

DEUR

A. G. S. MEIRING, M.A.

Drukkers en Uitgewers:
NASIONALE PERS BEPERK.
Bloemfontein, Kaapstad en Port Elizabeth.
1939

HOOFSTUK I.

VOORGESKIEDENIS: TAALTOESTANDE TUSSEN 1806 EN 1870.

„Geen volk word op 'n enkele dagreis gebore nie.” Hierdie waarheid is so oud as die mensdom en word deur die eeue heen bevestig deur die geskiedenis. 'n Nasie kan alleen gevorm word deur die stryd van eeue, want alleen deur saam te stry, ontstaan 'n saamhorigheidsgevoel wat die eerste stap na die hoogste ideaal is: **om te wees, een van siel en een van sin.** Eers as daar 'n saamhorigheidsgevoel is, kan volksbewegings ontstaan, wat dan getuig van 'n gesamentlike optrede teen toestande wat die nasie bestaan bedreig, of van 'n gesamentlike strewe na 'n hoër ideaal, na groter mag, na selfhandhawing. Sulke bewegings word ook nie in een dag gebore nie; hulle kom in die loop van die tyd as die noodwendige gevolg van voorafgaande toestande en gebeurtenisse, en in hierdie lig moet ons die Eerste Afrikaanse Taalbeweging sien. Dit is dus nodig om terug te gaan in die geskiedenis tot 1806, toe Engeland die tweede keer die Kaap in besit geneem het.

Die veroweraar het nou toestande in die lewe geroep wat die voortbestaan van die Hollandssprekendes as 'n aparte nasie (Afrikaners), met 'n eie taal, bedreig het. Nederlands was toe nog die offisiële taal: dit was die taal van die staat, die kerk, die Bybel, die skool en die platform. Die spreektaal was Afrikaans, toe nog genoem Kaaps-Hollands (d.w.s. Hollands soos dit aan die Kaap gepraat word.) Met die geringe skoolopleiding van daardie dae kon niemand Nederlands magtig word nie, en in

briewe en toesprake is 'n verafrikaanste vorm gebesig. Dit was die natuurlike proses waar die spreektaal **nog** nie tot kultuurtaal verhef is nie, en niemand het daaraan gedink om teen hierdie toestand te skop nie.

In 1814 word die Kaap vir goed 'n Engelse besitting en nou kom daar 'n verandering wat 'n gesamentlike optrede van die kant van die verowerdes 'n noodsaaklikheid gemaak het, of hulle moes gewillig wees om nasionale selfmoord te pleeg, want die veroweraar was vas van plan om van die Kaapprovinsie 'n Engelse kolonie in die ware sin van die woord te maak. Dit moes geskied langs die weg van verengelsing van alles en almal, en die taal wat tog maar die nasieskap bepaal, moes dit die eerste ontgeld. Die anglisasie-politiek soos dit deur die owerhede aan die Kaap gevolg is, sal ons kortliks behandel onder die hoofde: Staat, Kerk en Skool.

A. DIE STAAT.

Reeds in 1813, 'n jaar voordat die Kaap wettig in die hande van Engeland gekom het, word aangekondig dat maatreëls geneem sal word om die voorregte van die koloniste in verband met hul taal te beperk. 'n Reeks van stappe, wat algehele verengelsing ten doel gehad het, het hierop gevolg. So kom daar op 5 Julie 1822 die belangrike aankondiging:

(a) Na 1 Januarie 1823 moet alle offisiële stukke aan die goewermentsekretaris in Engels wees.

(b) Na 1 Januarie 1825 moet alle dokumente in Engels wees.

(c) Na 1 Januarie 1827 sal Engels die enigste offisiële taal van die geregshowe wees.

Hierdie bepalings het meteens die taal van negentig persent van die bevolking uit die regswese verban, en as iemand in 'n hofspraak betrokke was, moes hy duur betaal vir 'n tolk. Dit het die vryheidliewende Afri-

kaners diep gegrief en lydelike verset was hul eerste protes teen hierdie toestand. Niemand wou as jurielid dien nie, en die jaar 1828 was 'n jaar van verwarring in die regswese aan die Kaap.

Maar die Engelse stempel moes nog verder op die staat afgedruk word. In 1826 word die riksdalder, skelling en oulap vervang deur die pond, sieling en pennie, en in 1832 word die Landdroste en Heemrade afgeskaf en vervang deur magistrate.

B. DIE KERK.

Die owerhede aan die Kaap het van hul magsposisie gebruik gemaak om ook die kerk te verengels. Die predikante het vasgestelde salarisse van die staat ontvang en dit was die dun punt van die wig wat die owerhede in staat gestel het om die Engelse taal en kultuur 'n magtige stoot vorentoe te gee. Vanaf 1822 word 'n aantal Skotse predikante ingevoer. Die eredienste in die N.G. Kerk en die Presbiteriaanse Kerk is feitlik dieselfde, en hierdie predikante moes net 'n paar maande in Holland vertoef om 'n bietjie Hollands te leer. So het daar na Suid-Afrika gekom die Murrays, Robertsons, Frasers, ens. In hul kultuurdrang het hulle vreemd gestaan teenoor die mense van wie hulle die geestelike vaders moes wees. In baie pastorieë was die huistaal Engels en in die dorpe het dit aansteeklik gewerk.

As 'n regstreekse gevolg van hierdie toestand vind ons die Sinodebesluit van 1834. Daar sou nou daarna gestrewe word om Engels as voertaal te gebruik by sommige van die eredienste. In Kaapstad, Stellenbosch en Worcester word daar dan ook Sondagaande Engelse dienste gehou onder die voorwendsel om dit aantrekliker te maak vir die jongmense en ook om Engelssprekendes na die kerk te lok. Die sing van Sankey-liedere

het nou ook in baie huise mode geword. Die platteland het gelukkig vry gebly van hierdie invloede. Met die Nederlandse Bybel en die Gesangboek is die suiwer boerekultuur hier opgebou; maar die anglisasie-politiek sou nog 'n ander belangrike gebied betrek.

C. DIE SKOOL.

In 1809 het 'n sekere Collins al gesê: „Import English teachers and the next generation will be English.” In 1822 word ook Skotse onderwysers ingevoer en op elke dorp 'n Engelse staatskool gestig. Die gevolge was anders as wat die owerhede verwag het. Vir die grootste deel van die bevolking was die skool net 'n middel om die kinders Hollands te leer lees en skryf, sodat hulle die Bybel kon lees en uit die katkisasieboek kon leer. Waar die staatskole nie in hierdie behoeftes voorsien het nie, is van privaat onderrig gebruik gemaak en omstreeks 1830 loop die staatskole dan ook leeg.

Die skool speel egter so 'n belangrike rol in die volkslewe dat die owerhede nie maar tou sou opgooi nie. Hulle sou maar eers 'n bietjie toegee en daarom is die jaar 1839 die jaar van kompromisse. Die kinders kon nou Hollands as vak leer waar die ouers dit verlang. Verder sou alles Engels wees, want die hoofdoel was om die kinders soveel Engels te leer dat Hollands nie meer as 'n vereiste sou geld nie. In sommige dele van die land het die mense ook al begin tevrede raak met die toestand, sodat daar b.v. in Colesberg nie een leerling was wat Hollands geleer het nie.

Verengelsing het stadigaan sy kloue begin inslaan in die volkslewe. Die slagwoord het nou geword: Laat die kinders maar Engels leer, Hollands kom vanself. Toe kom ook nog die bepalings van 1865 waardeur die skooldeure vir Hollands gesluit word. **Engels sou alleen**

as voertaal toegelaat word in alle eerste- en tweedeklas-skole en na 'n jaar ook in derdeklas-skole.

Die Afrikaner het nou al minderwaardig begin voel. Op skool het die kinders net Engelse aardrykskunde en geskiedenis geleer, want die glorie van die magtige Britse ryk, waaroor die son nooit ondergaan nie, moes hulle altyd voorgehou word. Op die skoolgronde moes hulle net Engels praat en dié wat in hul onkunde gesondig het, is swaar gestraf. Hulle moes die „**Dutch Mark**” dra, honderde reëls uitskryf, soos b.v. „I must speak English,” en as hulle in hul swakheid meer as een keer gesondig het, moes die lat hulle dit aan die verstand bring dat dit noodsaaklik is om in Engels te dink. Geen wonder dus dat baie dit begin beskou het as 'n soort oneer om nie 'n Engelsman te wees nie.

Na 1865 word daar ook seminaries gestig met die doel om die Boeredogters soveel moontlik te verengels. Die moeders speel 'n belangrike rol in die volkslewe en daarom moes ook hulle bearbei word om die imperiale saak te dien. Om hul doel te bereik, moes die owerhede slim te werk gaan en hulle het geweet om die regte snaar aan te roer. Die seminaries sou streng godsdienstig wees, en dit het die deurslag gegee. Op die godsdienstige snaar is oral deur die land getokkel en die Afrikanerdogters het toegestroom.

So was die toestand omstreeks 1870. Verengelsing het oral veld gewen. Wenderbaails en Maaiburgs is die wanskeppinge van hierdie tyd. Mary, Lizzie ens. het mode geword en 'n taalgebrou wat wemel van Engelse woorde, het ontstaan. Jan wat versies maak (C. P. Hoogenhout) het die toestand as volg getipeer:

Engels! Engels! alles Engels! Engels wat jy siet en hoor;

In ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal vermoor.

Ag hoe word ons volk verbaster, daartoe werk ons
leraars saam,

Hollands nog in sekere skole: is bedrog, 'n blote
naam!

Wie hom nie lat anglisere word geskolde en
gesmaad.

Tot in Frystaat en Transvaal al, ower al dieselfde
kwaad.

„Dis vooruitgang!” roep die skreeuwers, „dis beska-
wing wat nou kom!”

Die wat dit nie wil gelowe, die is ouderwets en
dom.

Wie daartegen durf getuige is 'n Patriotsrebel,

Word verag, gevloek, gelaster, en beswadder van die
hel.

Met die vader van die leugen, wat hul aanvoer, ruk
hul an,

En verguis wie nie wil saam doen, ower al waar hul
maar kan.

En ons volk met slaap bevange, droom van vrede,
is gerus;

Word hul wakker 't duur nie lank nie, net nou is hul
weer gesus.

Mooie woorde, holle klanke, vrome praatjies gen
gebrek;

Die wat van gevaar durf prate, die verklaar hul
stapelgek.

Die voor taal en ouwe sede in die bres spring, is 'n
dwaas,

„Leer mar Engels, dit maak salig!” skree hul uit
met groot geraas,

„Hollands sal van self wel kome, Afrikaans is Hot-
notstaal!”

Op die platteland het dit beter gegaan. Hierheen het die nuwighede nog nie hul weg gevind nie. Die landelike omstandighede en veral die Bybel en die huisgodsdienst was die redding van ons volk. Maar die Afrikaner moes nou wakker skrik, want ook hierdie vesting van sy taal en kultuur is bedreig deur die stroom van verengelsing.

Die tyd was ryp vir 'n nasionale ontwaking, vir 'n stryd om die nasie te bevry uit die wurggreep van verengelsing. 'n Gesamentlike optrede het noodsaaklik geword, as die Afrikanervolk sy siel wou bewaar en sy taal wou red, want: „Die taal van die veroweraar, in die mond van die verowerde, is die taal van slawe,” en

„Wie geen taal heeft, is geen naam waard,
Waar geen taal leeft, leeft geen volk.”

Afrikaans, die enigste witmanstaal wat in Suid-Afrika gebore is, die moedertaal van die Afrikaner, het net gewag op die belangstelling van opregte Afrikaners of van Hollanders wat die Afrikaanse saak goedgesind was, en die Afrikaanse Taalbeweging sou begin.

HOOFSTUK 2.

DIE ONTSTAAN VAN DIE EERSTE AFRIKAANSE TAALBEWEGING. DIE STIGTING VAN DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS.

A. DIE PAARLSE GIMNASIUM.

Terwyl die groot stroom van angliserende kragte aan die werk was, was daar een vaste rots wat weerstand kon bied en vanwaar weerstand gekom het: **DIE PAARLSE GIMNASIUM MET DS. G. W. A. VAN DER LINGEN AS HOOF.**

Die regeringskole het nie voorsiening gemaak vir godsdiensonderwys nie, en daarom stig ds. Van der Lingen die Gimnasium volgens Hollandse model. Vanaf 1860 word hier jong manne opgelei vir die staatseksamens en vir die toelatingseksamen tot die Kweekskool. Ds. Van der Lingen was 'n reus, 'n rotsvasstaner, 'n Calvinis wat om hom 'n Calvinistiese atmosfeer en 'n Hollandse gees geskep het. Toe aan hom gevra is om Latyn deur medium Engels te laat doseer, het hy gesê: nee en nogeens nee. Hierdie atmosfeer is ingedrink deur jong manne wat die leiers van die Taalbeweging sou word.

Aan die Gimnasium was daar ook 'n ander groot figuur werksaam: **ARNOLDUS PANNEVIS**, gebore in Holland 1838. Hy was 'n tyd lank skeepsdokter, dog weens swakke gesondheid neem hy sy ontslag en kom

in 1866 na Suid-Afrika. As kenner van klassieke en moderne tale het dit hom nie veel moeite gekos om hier 'n betrekking te kry nie. In die Kaap het hy die eerste keer Afrikaans hoor praat. Dit het so 'n groot indruk op hom gemaak, dat hy in en buite die Gimnasium propagaanda gemaak het vir hierdie jong selfstandige taal. As tere Christen en innige liefhebber van die Bybel, was sy grootste wens om die Bybel in Afrikaans vertaal te sien, aangesien Hollaands vir die meeste mense tog maar 'n vreemde taal was. Sy arbeid was nie tevergeefs nie, want sy oortuigingswerk het die leiers van die Eerste Taalbeweging in die strydperk laat tree:

(i) **S. J. DU TOIT** (gebore 1847) kom op negentienjarige leeftyd na die Gimnasium, waar hy hoofsaaklik onder Pannevis studeer. Na 'n jaar en nege maande skryf hy die toelatingseksamen en gaan na die Kweekskool op Stellenbosch. In 1873 besoek hy Transvaal, preek in verskeie gemeentes en word in 1874 bevestig as predikant van Tulbagh. In 1875 word hy beroep na Noorder-Paarl, waar hy ook dosent word aan die Gimnasium. Hierdie jong Afrikaner het heel aan die begin van sy loopbaan al getoon dat hy 'n warm voorstander van Afrikaans was.

(ii) Ook sy broer **D. F. DU TOIT** (gebore 1846), later algemeen bekend as **OOM LOKOMOTIEF**, is deur Pannevis besiel. Hy was onderwyser in Daljosaphat.

(iii) **C. P. HOOGENHOUT** (gebore 1843) is 'n ander Hollander van geboorte wat 'n kampvegter vir Afrikaans geword het. In 1860 kom hy in Suid-Afrika aan en is 'n tydjie as klerk werksaam in die kantoor van die Nederlandse Konsul. Met die hulp van Pannevis voltooi hy sy studies en word onderwyser in die distrik Wellington, waar hy veertig jaar lank werksaam was.

B. DIE STRYD VIR AFRIKAANS BEGIN. DIE STIGTING VAN DIE GENOOTSAP VAN REGTE AFRIKANERS.

1. In 1870 was Afrikaans al ongeveer anderhalwe eeu die spreektaal van die grootste gedeelte van die blanke bevolking in Suid-Afrika, maar in daardie tyd van vooroordeel teen alle nuwigheide, was aan die verheffing van hierdie jong taal tot skryftaal nie te dink nie. Hollands het nog so 'n belangrike plek ingeneem dat so iets onmoontlik was. Dit was die taal van die Bybel en die gebed, en ons voorouers het nie aan hul godsdienst laat torring nie.

Daar is wel heelwat voor 1870 in Afrikaans geskryf, maar nie met die doel om die taal te dien nie. Waar Boniface in 1832 daarvan gebruik maak, wil hy maar net 'n grappige situasie skep en daarvoor kies hy die verspotte aanmerkings van kleurlinge. So vind ons dit ook in 1844 in „Kaatjie Kekkelbek.”

In 1860 skryf Meurant (magistraat) sy „**Zamenpraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar over het Onderwerp van Afscheiding**” in Afrikaans. Dit handel oor die brandende vraagstuk van daardie tyd: Skeiding tussen die Oostelike en die Westelike Provinsie. Hierdie samespraak is deur verskeie koerante oorgeneem en het weer korrespondensie in Afrikaans uitgelok. Die taal was nog maar vol Nederlandse vorme, want die doel was nie om die taal te dien nie, maar om deur die volkstaal die volk te bereik, en die volkstaal is nog nie waardig geag om in 'n hoër sfeer as die grappige en die verspotte gebruik te word nie. Dit is ook die kenmerk van al die ander grappige stukkies in Afrikaans wat gedurende hierdie tyd in die koerante verskyn het.

2. Eers na 1870 neem die saak 'n ander wending. Omstreeks hierdie tyd hoor ons ook die eerste keer

van Afrikaans praat en dit kan beskou word as die erkenning van Afrikaans as 'n selfstandige taal in teenstelling met die ou opvatting dat dit 'n soort Hollands is.

In 1872 rig Pannevis 'n brief (in **Hollands**) aan die **Zuid-Afrikaan**, waarin hy die kwessie van die vertaling van die Bybel in Afrikaans aanroer. **Pannevis** begeer dat Afrikaans die draer moet word van die edelste gedagtes, dat dit Bybeltaal moet word, en so was sy brief die eerste doelbewuste poging om Afrikaans tot kultuurtaal te verhef. Dit het dan ook 'n hewige briefwisseling in die korrespondensie-kollome van die **Zuid-Afrikaan** uitgelok.

3. C. P. Hoogenhout tree ook nou na vore met sy boekie: **Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse Kinders en Huissouwens in hulle eige Taal** geskrywe deur een vrind. — Onder die skuilnaam **KLAAS WAARZEGGER JNR.** verskyn daar ook van sy hand in die **Zuid-Afrikaan: Gesprekke tussen Jan Vasvat en Neef Daantjie Loslaat**, handelende oor die Kimberleyse diamantvelde. Sy Geskiedenis van Josef is al weer 'n stap vorentoe, want hier word die taal gebruik ter wille van die taal.

4. In 1874 tree S. J. du Toit op as pleitbesorger vir Afrikaans en die Afrikaanse saak. Onder die skuilnaam „**WARE AFRIKAANDER**” verskyn daar 'n reeks briewe van hom in die **Zuid-Afrikaan**. Sy eerste brief, na aanleiding van Ester 1:22, handel oor **Moedertaal**. Hierin beklemtoon hy: Taal en nasionaliteit kan nie van mekaar geskei word nie. As die taal verlore gaan, gaan die volk ook verlore. Dis ook in stryd met Gods Woord om 'n volk van sy taal te beroof. Sy tweede brief, na aanleiding van 1 Kor. 14:19, handel oor die lis wat die vyand gebruik om die Afrikaner op te stook teen sy eie taal, deur hom wys te maak dat Afrikaans nie 'n taal is nie. Hy vergelyk dan Afrikaans met En-

gels en bewys dat dit 'n selfstandige taal is met 'n eie vorm en grammatika. Sy derde brief, na aanleiding van Jes. 33:19, handel oor die bestaande toestand: die verbanning van Hollands uit die staatslewe. Die beste manne kan gevolglik nie Parlement-toe gaan nie en die landsbestuur is verrot. Hy vaar ook kras uit teen die verkragting van die taal en die regte van die Hollands-sprekendes in die skool, seminaries, kerk en openbare lewe.

5. Hierdie briewe is met groot belangstelling deur C. P. Hoogenhout gelees en daar volg nou in die **Zuid-Afrikaan** 'n briefwisseling tussen „Ware Afrikaander” en „Klaas Waarzegger Jnr.” Hulle bespreek die taal en wissel gedagtes oor belangrike taalvraagstukke. S. J. du Toit begin nou ook met die opstel van spelreëls en belangrike spellingbeginsels word nou al vasgelê:

(a) As algemene reël sal geld: **ONS SKRYF SOOS ONS PRAAT.**

(b) Z word vervang deur s en sch deur sk.

(c) 'n Klinker in 'n oop lettergreep word nooit verdubbel nie, b.v. ja, jare.

(d) Die onderskeid tussen die vier e-klanke word as volg aangedui: **nè, sê of vêr, en gegé.**

(e) Oral waar 'n klank weggeval het, moet dit aangedui word deur ' b.v. da'e. o'e.

Dit was die algemeenste spelling tot 1914. S. J. du Toit oordryf egter die fonetiese beginsel waar hy verlang dat 'n lang klank in alle opsigte in geslote lettergrepe moet verdubbel word, b.v. viir; tog is dit belangrik dat sekere grondbeginsels van ons spelling reeds so vroeg deur 'n leek op taalgebied vasgelê is.

6. Pannevis het gedink dat dit nou die tyd was om te handel en daarom rig hy in 1874 'n brief aan die **Britse en Buitelandse Bybelgenootskap**. Hierdie brief, waarin gevra word om 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans en S. J. du Toit aanbeveel word as ver-

taler, het die klip aan die rol gesit. Die B.B.B.G. skryf aan **ds. Morgan**, sy verteenwoordiger aan die Kaap, dat hy nie van plan is om die Bybel in 'n brabbeltaal te bestendig nie, tog vra die Genootskap hom om ondersoek in te stel na die wenslikheid van so 'n vertaling.

7. Intussen is baie oortuigingswerk gedoen en nog 'n voorstander vir Afrikaans gevind: **J. W. van der Rijst**, wat ook somaar dadelik begin werk aan 'n Afrikaanse grammatika.

8. Pannevis en Hoogenhout stel nou ook 'n **Afrikaanse Volkslied** op wat verafrikaans word deur S. J. en D. F. du Toit. Hierdie lied begin met vaderlandsliefde, en gaan in die tweede strofe oor tot die taal. Dis al dadelik 'n vingerwysing: taal en nasionaliteit kan nie geskei word nie; taalstryd en nasiestryd gaan hand aan hand.

So klink dit in 1875:

'n Ider nasie het syn LAND,
 Ons woon op Afrikaanse strand.
 Ver ons is daar gen beter grond
 Op al die wy'e wereld rond.
 Trots is ons om die naam te dra
 Van kinders van Suid Afrika.

'n Ider nasie het syn TAAL,
 Ons praat van Kaap tot in Transvaal
 Wat almal maklik kan verstaan,
 Wat gaat die ander tale ons aan?
 Ons praat soos Pa en Oupapa,
 Die landstaal van Suid Afrika.

'n Ider nasie het syn WET,
 Wat goed gebied en kwaad belet;
 En elk syn wet is na syn aard,
 En gaat met syn natuur gepaard;

So volg ons oek die sede na,
Wat thuis hoort in Suid Afrika.

'n Ider nasie het syn REG,
Al is hy nog so swak en sleg.
Daar is 'n oog wat alles merk;
Hy set die onreg paal en perk.
Hy kyk oek ons verdrukkers na,
En waak oek ver Suid Afrika.

'n Ider nasie het syn TYD,
Om op te groei en af te slyt,
En soos ons liewe Heer dit doet,
So is dit altyd wys en goed.
Daar kom 'n dag ver ons oek, ja;
Vertrou op God Suid Afrika.

Want al die nasies het een God
Hy re'el ider volk syn lot;
Hy het ver ider volk syn taal,
Syn land, syn reg, syn tyd bepaal.
Wi dit verag sal syn straf dra.
O God, beskerm Suid Afrika.

9. In Mei 1875 hou dr. Brill, rektor van die Grey-Kollege, sy beroemde lesing voor 'n groot gehoor in Bloemfontein. Hierdie groot geleerde hou 'n toespraak (in Hollands) oor Afrikaans, wat hy beskou as 'n selfstandige taal. Hy wys ook daarop dat dit net van die lewenskrag van die nasionale beweging, wat hom in die Suide begin openbaar, afhang of Afrikaans 'n kultuurtaal met 'n eie letterkunde gaan word. Hierdie lesing was van groot belang. Die voorstanders van Afrikaans kon nou op 'n groot wetenskaplike wys wat hul sienswyse steun.

10. Ds. Morgan lê die brief van die B.B.B.G. in Julie 1875 voor die Kaapse Sinode, maar hierdie liggaam keur die vertaling van die Bybel in Afrikaans af. Hiermee het hy die saak nog nie as afgehandel beskou nie, en tree in verbinding met S. J. du Toit wat weer die saak met 'n paar van die voorstanders van Afrikaans bespreek en 'n vergadering belê. Pannevis word nie na hierdie vergadering uitgenooi nie, waarskynlik omdat die ander voorstanders van hom verskil het. Hy was die sienswyse toegedaan dat as die Bybel eers vertaal is, die Afrikaanssprekendes dit dadelik sal verwelkom as hul eie, terwyl die algemene opvatting voorbereidingswerk as 'n noodsaaklikheid beklemtoon het. Die tyd was nog nie ryp vir so'n gewigtige stap nie, want die Afrikaners moes nog taalbewus en nasiebewus gemaak word: hulle moes nog bearbei word om hul eie taal te lees en te skryf en om saam te staan. Dit was dan ook die ideaal van die stigters van die **GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS**, wat op 14 Augustus 1875 in die huis van mnr. Gideon Malherbe aan die Paarl vergader het.

Op hierdie vergadering was teenwoordig:

C. P. HOOGENHOUT, voorlopige voorsitter; onderwyser, 32 jaar.

AUGUST AHRBECK, voorlopige sekretaris, teologiese student, 24 jaar.

Ds. S. J. DU TOIT, Predikant van Noorder-Paarl, 27 jaar.

GIDEON MALHERBE, wynboer, 42 jaar. Hy was ook ouderling en kurator van die Paarlse Gimnasium.

D. F. DU TOIT, onderwyser, later bekend as **OOM LOKOMOTIEF**, 29 jaar.

D. F. DU TOIT, bygenaamd Dokter, wynboer, 25 jaar.

P. J. MALHERBE, wynboer, oud-student van die Paarlse Gimnasium, 22 jaar.

S. G. DU TOIT, student aan die Paarlse Gimnasium, 20 jaar.

Opvallend is die feit dat hier 'n volksaak aangepak word deur agt jong manne, van wie die meeste nog maar min ervaring in die strydperk van die lewe opgedoen het, maar die volksbestaan is bedreig en hul suiwer-voelende jong harte het te warm geklop om nog langer te aarsel. „Sulke manne gaan nie sonder kopgee nie, nog minder as hulle vir 'n ideaal stry wat hulle hoër as geld en gerief stel. Is vyf van die agt nie deur hul direkte amppligte as onderwysers van kinders of van groot mense (predikante) reeds of binnekort in die diens van idealisme nie? Nou wil hulle die onderwysers en voorgangers word van 'n hele volk, want hulle wil hervormingswerk verrig, en elke hervormer is 'n leraar van sy ideaal; maar elke hervormer is ook 'n geloofsheld, wat glo dat die onbestaande moontlik sal word, die onsienlike sienlik gaan wees, al is dit selfs anderkant die graf. Net so is elke hervormer in eie oog maar 'n dienaar, en voel hy sy kleinheid en beperktheid. So steun die Genootskappers nie op eie krag nie, maar voer 'n stryd wat in baie opsigte gelyk op dié van die martelare”. (G. S. Nienaber: **Die Afrikaanse Beweging**).

Op hierdie vergadering is besluit om 'n genootskap te stig wat 'n gesamentlike optrede moontlik sou maak. 'n Kommissie waarin o.a. S. J. du Toit en J. W. van der Ryst sou dien, moes sorg vir die naam en reëls van die genootskap, en nog 'n kommissie sou met ds. Morgan onderhandel oor 'n latere vertaling van die Bybel. Ook word daar nou al besluit om eksemplare van die volkslied te versprei en om 'n begin te maak met 'n Afrikaanse woordeboek en grammatika.

C. DIE DOEL EN STREWE VAN DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS.

Die doel en strewe van die G.R.A. blyk duidelik uit

die reëls en regulasies soos opgestel deur die kommissie en aangeneem op die tweede vergadering (25 Sept. 1875).

Dit lui as volg:

„ALGEMENE BEPALINGS.” *

I. „Die naam van ons Vereniging is: GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKAANDERS.

II. Die doel van ons Genootskap is: OM TE STAAN VER ONS TAAL, ONS NASIE EN ONS LAND.

III. Die Bestuur van ons Genootskap sal in die hande wees van een President, Sekretaris en Tresurier, wat alle jare weer moet gekies worde.

IV. OP AL ONSE VERGADERINGS EN IN ALLE OFFISIELE STUKKE MOET DIE AFRIKAANSE TAAL GEBRUIK WORDE.”

„APARTE BEPALINGS..”

1.—Van die lede.

V. „’n Man word lid deur die re’els te onderteken, en daardeur verklaar hy dat hy hom daaraan sal hou en ver die Genootskap sal doen wat hy kan.

VI. Ider lid het reg om ’n ander lid in te bring; mar dan moet hy hom eers by die Bestuur anmelde. Dan leg die Bestuur dit an die vollende vergadering voor, en as twé-derde van die lede vóór hom stem dan kan hy inkom.

VII. IDER LID MOET GELOWE IN DIE VERSOE- NINGSDOOD VAN ONSE HEER JESUS CHRISTUS.

VIII. As ’n lid die Re’els o’ertré dan kan die Genootskap hom uitset.”

***Vetletterdruk van my.**

2.—„Van ons werk”

(Hier haal ons alleen 'n paar belangrike bepalings aan.)

IX. „Ons eerste werk sal wees om alle maande 'n blad uit te gé, wat die naam sal dra van „**DIE AFRIKAANSE PATRIOT**”.

X. Van tyd tot tyd word daar prysvra'e uitgeskrywe.

XI. 'n Woordeboek en Spraakkuns gé ons uit so gou as mo'entlik is, en verder ander skoolboekies.

XVII. **IDERE VERGADERING SAL MET GEBED GEOPEN EN GESLUIT WORD.**”

In die manifes van die Genootskap, wat dieselfde jaar verskyn het, word baie treffend gesê dat die Genootskappers „**REGTE AFRIKANERS**” is; d.w.s. hulle is **AFRIKANERS MET AFRIKANER HARTE**, in teenstelling met die Afrikaners met „Hollandse harte” en die met „Engelse harte.”

G. R. von Wielligh, lid van die Genootskap en ook ontwerper van die wapen van die Genootskap, sê in sy boek: **Eerste Skrywers**: „Ook die wapen van die Genootskap spreek in duidelike taal. Bo-aan staan: **VERENIGDE SUID-AFRIKA**, waarmee bedoel word, dat daarna gestreef word dat die vier state in Suid-Afrika uiteindelik onder een vlag moet gebring word; die tyd, wanneer dit daarvoor ryp is, sal wel bepaal wat die vlag sal wees; intussen durf met beleid daardie mikpunt nie uit die oog verloor word nie. Kort daaronder lees ons: Ver Moedertaal en Vaderland wat terug gee die woorde: „om te staan vir ons Taal, ons Nasie en Land.” In die middel van die wapen pryk 'n Anker, 'n Kruis en 'n Hart met 'n Bybel daarop as sinnebeelde van Hoop, Geloof en Liefde waarmee die saak begin is, gedrywe word en steeds die besieling van die Genootskap sal bly. Weerskante van die sinnebeelde wapper twee vlae, op

die een staan geskrywe: (Kaap) Kolonie, Vrystaat en op die ander Transvaal, Natal. Onder op 'n gedenkrol lees ons: **DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS** opgerig 14 Aug. 1875

„Die Genootskap was so deurdronge van die gevoel: As daar nie iets vir ons volk gedoen word, nl. om hom van verengelsing en vervreemding te red nie, dan staan 'n donker toekoms ons in die oë. Iets moet aan die hand geneem word om dit te voorkom! Ook die Hollandse gedeelte van ons nasie het te min belang in die loop van sake op politieke gebied gestel en was tevrede om die setels in die wetgewende vergaderings aan die Engelsprekende deel aan te bied—omdat Afrikaans nie as taal sy regte ontvang het nie. Verder is byna niks vir vee-teelt en landbou gedoen nie, terwyl boerdery tog die ruggraat van die land is. Die doel en strewe van die lede was om Afrikaans as landstaal erken te kry, dan kan Afrikaners na die parlement gaan om ons wettige regte en aandeel aan die bestuur van ons land uit te spook. In kort, die meerderheid moet die skaal van billikheid beheer.”

So sou die Eerste Taalbeweging 'n wye beweging wees en die Genootskappers se strewe gaan dan ook in drie rigtinge: **TAAL, GODSDIENS EN NASIE**. (1) Die volk moet sy eie taal lees en liefkry (Die Patriot). Die taal moet later ook die skool binnedring (daar sal vir skoolboeke gesorg word). Afrikaans moet dus verhef word tot skryftaal.

(2) Volgens die bepalinge het godsdiens 'n belangrike rol in die beweging gespeel. Dit was die grondslag van die Genootskap en die krag van die lede. Met die vertaling van die Bybel sou ook later begin word.

(3) Saam met die taalbelange gaan ook die nasiebelange. Die nasie moet opgewek word tot stryd, hy

moet veg vir sy belange, hy moet georganiseerd raak.

Dit was die groot ideale van die Genootskappers. Om hierdie ideale te bereik, was daar werk nodig, maar daarvoor was hulle bereid—bereid om op te offer en te veg.

HOOFSTUK 3.

WAT DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS GEDOEN HET.

~~Politieke~~
**Staatkundige bewuswording by die Hollandssprekendes
(Die Patriot en Die Afrikanerbond.)**

A. EERSTE PUBLIKASIES VAN DIE GENOOTSKAP.

Die Genootskap het hom nie ten doel gestel om oor die hele land takke te stig nie. Die teenstand was te groot, die tyd nog nie ryp vir so'n stap nie en daadwerklike optrede het 'n dringende noodsaaklikheid geword. Daar is dan ook net drie takke gestig: in die Paarl, Daljosaphat en Montagu. Tog was die ledetal nie te gering nie. Die tweede vergadering in 1875 is al deur 50 lede bygewoon. (Pannevis was toe ook teenwoordig, maar weens swakke gesondheid en ook omdat hy 'n ander sienswyse toegedaan was, het hy later weer bedank).

Die pen was nog altyd 'n magtige wapen en in die hande van hervormers het dit wondere verrig. Die Genootskappers was ook verplig om na hierdie wapen te gryp en vir hul oortuigingswerk van publikasies gebruik te maak. Dit het hulle meteens in staat gestel om die daad by die woord te voeg: om in Afrikaans propaganda te maak vir Afrikaans. Om vervolging en ander moeilikhede te voorkom, moes hulle wel van skuilname gebruik maak, maar hulle het mos nie na eie eer gestrewe nie, en in die diens van die nasie kan aan eie belang nie gedink word nie.

Van die „**Afrikaanse Volkslied**” en die „**Manifes van die Genootskap**” is daar in 1875 al 500 en 1000 eksemplare onderskeidelik versprei. In 1876 verskyn „**Eerste beginsels van die Afrikaanse taal**” (’n boekie van 29 bladsye) en ’n „**Spel-en-Leesboek vir Afrikaanse Kinder**”, deur J. W. van der Ryst, en die volgende jaar „**Die Geskiedenis van ons Land, in die Taal van ons Volk.**”^{*} Van 1877 af verskyn daar ook jaarliks „**Die Afrikaanse Almanak, burgerlik en kerklik.**” Die eerste uitgawe was al ’n boekie van 44 bladsye en 1000 eksemplare is maklik van die hand gesit.

Maar die belangrikste publikasie van die Genootskap was:

DIE PATRIOT.



Die Patriot maak sy eerste verskyning op 15 Januarie 1876 as maandblad teen vyf sjielings per jaar, gedruk by die **Zuid-Afrikaan** in Kaapstad. Sedert 1880 het die Genootskappers oor ’n eie drukpers beskik en van toe af was D. F. du Toit en Kie verantwoordelik vir al die publikasies.

In die begin was die vaste skrywers vir die blad: S. J. du Toit, wat meestal die hoofartikels geskryf het, sy broer D. F. du Toit en C. P. Hoogenhout. Die redakteur het bekend gestaan as „**OOM LOKOMOTIEF**”, want geheimhouding was noodsaaklik. Vanaf 1878 was D. F. du Toit die redakteur en so het hy die naam „Oom Lokomotief” geërf.

^{*} Die Geskiedenis van Ons Land en Eerste beginsels van die Afrikaanse taal, is grotendeels opgestel deur S. J. du Toit.

B. DIE EERSTE JARE VAN DIE PATRIOT.

Stryd en oplewing. Die stryd in Transvaal.

In die eerste uitgawe van Die Patriot word die rubriekindeling as volg aangekondig:

1. Een Inleiding. 2. Afrikaanse Correspondensie.
3. Afrikaanse Geskiedenis. 4. Afrikaanse Gedigte.
5. Afrikaanse Taalkennis. 6. Een O'ersig van die ver-
naamste nuus. 7. Vra'e en Andwoorde.

Hiervolgens sou aan die nasionale afdelings en taal besondere aandag geskenk word.

Verder lees ons in die eerste uitgawe: „Is daar nog Afrikaanders wat vra wat ons doel is? Ons antwoord is: **Om te staan ver ons taal, ons nasie en ons land.** Is daar spotters? (daar is seker baie). Spot mar fluks op! Ons troos ons daarmé, julle spot uit DOMHEID! Alle dinge word bespot. Stoom is mé gespot. Gaslig is mé gespot. En sou die Afrikaanse taal dan vryloop? Een regte Afrikaander sal nie spot nie en dis ver regte Afrikaanders, Afrikaanders met Afrikaanse harten, wat ons skrywe, en nie ver spotters.”

Bespotting en bittere teenstand was dan ook in die begin die blad se lot. Afrikaans is uitgemaak vir 'n kombuistaal, geskik vir halwe barbare, en Die Patriot vir 'n ou blaadjie wat net goed is vir halfeleerde Grikwas. In die skool is die kinders ten strengste verbied om dit te lees en die Kaapse Sinode het later, na 'n beraadslaging van twee volle dae, besluit om dit met alle mag teë te werk. So bitter was die teenstand, dat 'n ouderling aan ds. S. J. du Toit gesê het hy sal die Oom Lokomotief met sy eie hand doodskiet, as hy maar net kon te wete kom wie hy is.

Die intekenaars het maar stadig in getal aangegroei, die onkoste verbonde aan die blad het hoog geloop en die lede van die Genootskap moes instaan vir die tekort.

S. J. du Toit het selfs van sy boeke verkoop om die onkoste te bestry.

Die jaar 1877 was ook 'n krisisjaar. Toe was daar ook sprake van vereniging met die Vereniging vir Hollands. S. J. du Toit het hierin 'n groot toekoms gesien, want Die Patriot sou as Hollandse blad 'n wye leserskring vind, maar Oom Lokomotief het vasgetrap en gesê: „Nee, ons gaan voort met Afrikaans.” Dit was nog die dag van klein dinge, maar **die geloof in die dag van klein dinge het hulle sterk gemaak**. Ons lees in die notule van die Daljosaphatse tak dat elke lid versoek word om Sondagaand van sesuur tot half-sewe in gebed deur te bring, voordat oorgegaan word tot bespreking van vereniging met die Hollandse beweging. Op die kongres waarop die saak bespreek is, is besluit om nie te verenig nie.

'n Besluit van dieselfde jaar waardeur **Die Patriot 'n weekblad en 'n politieke blad** geword het, was verantwoordelik vir 'n skielike oplewing, want **Die Patriot** word nou die mondstuk van die onderdrukte Afrikanerdom en die anneksasie van Transvaal stel hom in staat om in die bresse te tree vir die veronregte Boere. Sy raad aan hulle was: **lydelike verset**. Die Transvalers het die raad gevolg, maar toe dit nie wou help nie, sê **Die Patriot: Lydelik verset is ydelik verset** (m.a.w. gryp nou na die wapens) en so volg die Vryheidsoorlog. Groot was die invloed van **Die Patriot** in hierdie dae; die Transvalers het dit voor elke vergadering geraadpleeg en sy raad gevolg, want sy stem was suiwer. Die redakteur het hom blootgestel aan vervolging, want die Kaapprovinsie was 'n Britse kolonie, maar hy het voortgegaan om die Transvalers te verdedig en aan te moedig tot aan die end van die Vryheidsoorlog. Die gevolg was dat die blad in 1881 al op 3000 intekenare kon aanspraak maak.

C. DIE PATRIOT EN DIE AFRIKANERBOND.

Toe die Kaapse Parlement 'n belasting op brandewyn lê, stig J. H. Hofmeyr (Onze Jan) sy Boere-Beskermingsvereniging om die belange van die wynboere te beskerm. S. J. du Toit voel nou dat die tyd ryp is om die boerebevolking te organiseer in 'n groot bond wat sal veg vir die belange van al die boere en vir landsbelange in die algemeen.

In Die Patriot van 20 Junie 1879 bepleit hy die stigting van 'n **AFRIKANERBOND**: Dit moet 'n bond wees wat al die boerebelange insluit en waarin almal wat Suid-Afrika eerste stel, sal tuis voel; 'n bond wat sal belet dat Suid-Afrika se belange aan Engeland opgeoffer word, wat 'n oog oor die politiek sal hou en die vriende van die vaderland na die Parlement sal stuur, wat sal veg vir die regte van die Hollandssprekendes in staat en skool en wat die handel en die nywerheid sal bevorder tot diens van Suid-Afrika.

Die Patriot publiseer en versprei ook duisend eksemplare van die boekie: **Die Afrikanerbond**. Ook die **EXPRESS** in Bloemfontein begin propaganda maak, en terwyl Onze Jan nog voortgaan met die stigting van takke van die B.B. Vereniging, vind die bondsgedagte oral ingang. In 1880 word die eerste Bondstakke in Hope Town, Calvinia en Petrusville gestig. 'n Tydlang bly die Bond en die B.B. Vereniging langs mekaar bestaan, totdat hulle in 1883 verenig. Toe was die Afrikanerbond 'n sterk organisasie met takke oor die hele land.

Die Bond was 'n nasionale beweging, eg demokraties en na die hart van die demokraties gesinde Afrika-

nerdom. Die takke kies die wyksbesture; hieruit groei die distriksbesture, uit hulle die provinsiale besture en uiteindelik kry ons die sentrale bestuur.

Die nasionale beweging wat saam met die Taalbeweging begin het, het ook nou uitgekristalliseer as 'n organisasie en die Afrikaners het begin belangstel in landbousake. Voor die tyd het hulle eenvoudig weggebly van die stembus af en uitlanders wat hulle self laat nomineer het, was die Parlementslede, maar die Afrikanerbond het die nasiegevoel wakker gemaak en die poppe het begin dans! Belange wat voorheen vir die Afrikaner verlore was, is nou op die taksvergaderings bespreek. 'n Goeie voorbeeld hiervan vind ons in die agenda van 'n taksvergadering op Philipstown, waar o.a. die volgende belangrike sake bespreek is: **Handelsvereniging, hoofbelasting, wysiging van die burgerwet, Basoetoland-kwessie, kiesing van afdelingsrade, meer regte vir veldkornette, teenwerking van emigrasie, verandering van stemreg en Hollands in die Parlement.**

Die Petrusvillese tak, om nog 'n voorbeeld te noem, het hom ten doel gestel: (1) Om die welvaart en bloei van Suid-Afrika in die algemeen te bevorder, „insonderheid die aankweking van 'n ware nasionaliteitsgevoel”. (II) Om die regte van die boerebevolking te beskerm en te sorg vir verteenwoordiging in die Parlement. (III) Om die volkstaal wat deur die staat, die kerk en die skool verwaarloos word, te beskerm; en (IV) om te sorg vir „deeglike en doelmatige onderwys, veral van onse Boerebevolking.”

Hierdie belangstelling is kenmerkend van 'n onderdrukte volk wat georganiseerd raak en begin stry vir sy regte. Dis verbasend om te sien hoe die Afrikaner ontwaak het, want binne enkele jare het die Bond die

meerderheid in die Parlement gehad.* Ook in die handel word daar nou meer belang gestel, en **Die Patriot** gee wenke aan die hand vir die oprigting van boerewinkels. **Die Patriot** het 'n suiwer basuingeklank laat hoor, wat die Afrikaner opgeroep het om die lendene te omgord.

D. DIE PATRIOT EN DIE STRYD VIR HOLLANDS.

Alhoewel die Genootskappers voorstanders van Afrikaans was, was hulle ook kampvegters vir Hollands, want dit was immers nog die skryftaal en die kerktaal. **Die Patriot** het sy lesers aangemoedig om ook lede te word van die Hollandse Vereniging en het hom beywer vir die erkenning van Hollands in die Parlement. So lees ons in **Die Patriot** van 11 Mei 1877 o.a. die volgende:

„Afrikaans is in ons oog soos 'n jong inheemse boompie; hy is nog klein en teer, mar groei by die dag op. Hollands is 'n grote uitlandse boom wat in vroeger tyd hier geplant is, mar wat aan't wegkwyn is. Nou wil ons lievers die jong plantjie opkweek; ander wil lievers die ou boom dokter, die droge takke afsage, 'n bietjie mis om die stam gooi en omspit ens. Mar die doel van albei is om 'n verkwikkende skaduwe te seek waaronder

* In die Vrystaat en Transvaal is ook verskeie Bondstakke opgerig en in 1884 is 'n groot kongres op Potchefstroom gehou, bygewoon deur 160 Bondsmanne uit die twee republieke. Hier het die belangstelling later verflou, want hier was nie so'n stryd te voer as in die Suide nie.

S. J. du Toit gaan in 1881 na Transvaal as Superintendent van Onderwys en is in dié hoedanigheid daar werksaam tot 1889. Hy bly belangstel in die Bond en ook na sy terugkoms in die Kaapprovinsie speel hy nog 'n belangrike rol in Bondsake.

ons bevolking kan sit, wat in die koue mistige weer van Engeland nie kan lewe nie

„Wat ons aangaat, ons wil graag meewerk met 'n genootskap ver Hollans; ons raai selfs ons lede an om daarvan ook lede te worde as hulle lus het. Ons meen dat ons die regte weg ingeslaan het ver ons doel. Mar andere het anders gedenk en meen dat ons Hollans moet gekies hê. Wel, ons geef hulle die kans; ons sal gen strooi in die weg lê; ja ons sal hulle help.”

Die Patriot van 14 Sept. 1877 erken ook dat Afrikaans nog die steun van Hollands nodig het: „Om 'n beeld te gebruik. Die Afrikaanse boompie is nog jonk. Die Engelse stroom kan hom straks o'erstroom. Hy het Hollans vereers nodig as 'n stut, totdat hy sterk genoeg is om alleen te staan.”

Die Albertse Boerevereniging het eerste die stryd aangeknop vir die erkenning van Hollands as offisiële taal naas Engels, maar sy versoekskrifte aan die Parlement het vrugtelos gebly. In 1880, toe Albert weer aan die saak begin roer, gee **Die Patriot** die raad om petisies deur die hele land te stuur. Hierdie jaar neem die Kaapse Sinode ook 'n besluit ten gunste van Hollands in die Parlement. (Opvallend is dit dat selfs in hierdie jaar nog 22 ouderlinge en predikante daarteen gestem het).

Die Patriot het nie op hom laat wag nie, maar dadelik petisievorms deur die land gestuur, en gerugsteun deur 5000 handtekeninge, stel ds. W. P. de Villiers in 1881 in die Parlement voor dat Parlementslede sal toegelaat word om Hollands as voertaal in die raadsaal te gebruik. Alhoewel die voorstel lewendig bespreek is, is dit nie in stemming gebring nie, en eers die volgende jaar is 'n soortgelyke voorstel van Onze Jan deur die Parlement geloods.

Ook by die oprigting van die Zuid-Afrikaanse Taalbond deur prof. Moorrees, Onze Jan e.a. in 1890, het die

lede van die Genootskap hulle steun belowe. **Die Patriot** het aangemerkt: „Op ons standpunt vrees ons die Taalbond nie; al sou Hoog Hollands die leus wees, denk ons nog, sal ons kan saamwerk. Dit mog vreemd lyk, mar ons is o'ertuig, dat alles tog moet uitloop ten nutte van die Afrikaanse taal.” Dat dit nie net by woorde gebly het nie, blyk uit die feit dat die Wellingtonse en die Paarlse tak van die Taalbond, waarvan S. J. du Toit die sekretaris was, al in 1892 die name van 129 kandidate kon opstuur vir die eerste Taalbondeksamen.

Aangesien **Die Patriot** so'n belangrike rol in al die nasionale bewegings gespeel het, het die Taalbeweging later bekend gestaan as die „Patriot-beweging”, en van Afrikaans is gepraat as „Patriots”.

E. DIE EERSTE AFRIKAANSE TAALBEWEGING EN CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS.

'n Beweging is eers 'n nasionale beweging in die ware sin van die woord wanneer hy die opvoedingswese sodanig wil beïnvloed, dat dit nasionaal georiënteer is. As die skoolwese onnasionaal is, dan word die nasie bedreig met ondergang, want op skool word die manne gevorm wat later die nasie moet lei.

Soos ons reeds gesien het, is in die regeringskole al die vakke deur medium van Engels gedoseer, en is daar geen voorsiening gemaak vir godsdiensonderwys nie. Die leiers van die Taalbeweging het nie maar net hierdie toestand veroordeel nie, maar weer bewys gelever dat hulle manne van die daad was. S. J. du Toit het al in 1876 'n boekie oor die Christelike skool geskryf en as predikant oral propaganda gemaak vir Christelik-nasionale onderwys (C.N.O.)* Een van sy bekende

* Ook ds. W. P. de Villiers was 'n kampvegter vir C.N.O., eers as predikant en later as Parlements lid.

preke uit daardie tyd handel oor die Bybelwoorde: „**Er was geen smid in Israel**”. Hierin wys hy daarop hoe die vyand besig is om deur middel van die skool vreemdelinge van ons eie seuns en dogters te maak. Ons het smede nodig om ons goeie Afrikaanse staal reg te smee.

Die Patriot het weer petisievorms uitgestuur en voortgegaan met hoofartikels oor C.N.O. In 1886 is, op voorstel van Onze Jan, godsdiensonderwys binne skoolure toegelaat, dog dit was maar 'n geringe toegewing. Die Afrikaners met Afrikanerharte het 'n ander ideaal gehad, 'n ideaal wat hulle verwesenlik gesien het in die **HUGENOTE-GEDENKSKOOL IN DALJOSAPHAT**.

In die Almanak van 1877 is daar al 'n oproep gedoen om bydrae om 'n monument op te rig vir die Hugenote, en wel in die vorm van 'n skool. So is daar al in 1882 'n begin gemaak met 'n klein privaat skooltjie in Daljosaphat. In 1889 is ds. F. S. du Toit aangestel as skoolhoof en onder sy bekwame leiding het dit 'n belangrike opvoedingsinrigting geword. Ons dink maar aan manne soos **Totius, prof. D. F. Malherbe en A. G. Visser** wat hul skoolopleiding in die Gedenkskool ontvang het.

Die doel van hierdie inrigting was om te wees: „**'N REGTE AFRIKAANSE SKOOL, WAARIN HOLLANDS EN ENGELS EN ALLES WAT TOT 'N BESKAAFDE OPVOEDING BEHOORT, GRONDIG GELEER WORD, MAAR IN ONS EIE TAAL EN VOLLENS ONS EIE BEGINSELS.**” Daar is, behalwe in die gewone skoolvakke, ook onderwys gegee in Bybelse geskiedenis en Suid-Afrikaanse geskiedenis, en godsdienst het 'n belangrike deel van die onderwys uitgemaak.

Die Engelse oorlog het noodlottige gevolge vir hierdie C.N.O.-inrigting gehad. „Vele van hare warmste ondersteuners waren te zeer verarmd om verder de gewenste ondersteuning te kunnen geven.” Dit is die woorde van die kranige skoolhoof wat sy amp in 1905 neergelê het.

B. BYBELVERTALING.

Die aanleiding tot die stigting van die G.R.A. — die Bybel in Afrikaans — het vir die Genootskappers 'n saak van erns gebly. Hul standpunt was om die volk eers sy eie taal te leer lees, maar hiermee is die saak nie op die lange baan geskuiwe nie. In 1878 word dit weer bespreek en besluit op 'n vertaling uit die oerbronne -- Hebreeus en Grieks.

Nou volg daar ses jaar waarin die saak nie weer aangeroeur word nie, maar toe daar weer in 1884 twaalf belangstellendes bymekaar kom, besluit hulle om dadelik met voorbereidingswerk te begin. Hulle versprei 'n **Ope Brief** waarin die noodsaaklikheid van 'n Afrikaanse Bybel beklemtoon word en geldelike steun gevra word. Dit was nie tevergeefs nie, want klein bydrae het toegestroom en groter somme is belowe; 'n sekere Oelefsen was selfs gewillig om 'n verband op sy plaas te neem. In 1886 is op voorstel van ds. J. Lion-Cachet besluit om die Statevertaling as grondslag vir die vertaalwerk te neem.

S. J. du Toit, aan wie die vertaalwerk in 1885 opgedra is, was begerig om al sy kragte daaraan te wy. Hy doen toe 'n gelofte dat, as hy in sekere goudspekulasies geseën sou word, hy sy amp sou neerlê ter wille van hierdie groot saak. Sy spekulasies het groot winste afgewerp, dog weens die val van die aandelemark het hy weer alles verloor en in 1889 as 'n brandarm man na die Paarl teruggekeer, waar hy as redakteur van *Die Patriot* al sy vrye tyd aan die Bybelvertaling bestee het. In **Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk** (deur J. D. du Toit) lees ons die volgende in verband hiermee: „Ds. Du Toit het, onder gewysigde en beswarende omstandighede, sy gelofte gehou. Te midde van oorstelpende werksaamhede het hy oomblikkies uitgewoeker, waarin hy, met taaie volharding, gewerk het aan sy liefingstaak. Die skrywer hiervan (**Totius**) het dikwels sy vader by die werk gade-

slaan en homself die vraag gedoen: waar kry tog ds. Du Toit die moed en lus vandaan om aan te hou?"

Donderdagaande het ds. Du Toit en 'n klompie vriende gewoonlik bymekaar gekom, elkeen gewapen met 'n Bybel, en dan is daar heelwat aan vertaalwerk gedoen. Hier is ook gebruik gemaak van die nuwe Hollandse vertaling, die nuwe Engelse vertaling en die Lutherse vertaling. Die meeste werk is deur ds. Du Toit gedoen, die ander het die Afrikaanse idioom help aanvoel. Hierdie vertalings met kantekeeninge en verklaringe wys op ds. S. J. du Toit se praktiese kennis as teoloog.

Hierdie werk is nie in aanmerking geneem by die latere Afrikaanse vertaling nie, want dié moes uit die oerbron kom; tog het dit baie waarde besit. S. J. du Toit het die Afrikaanse idioom besonder noukeurig gevolg. Soms het hy egter te plat geword in sy segswyse, en dit het ingedruis teen die gevoel van die meeste Afrikaners wat gewoond was aan die verhewe Nederlandse Bybeltaal. Ook die ultra-fonetiese spelling het nie by die volk ingang gevind nie. As voorbeeld van laasgenoemde haal ons die vertaling van Ps. 121 aan.

1. Ek sal mijn oge ophef na di berge toe: waarfandaan sal myn hulp tog kom? 2 Myn hulp is fan Jehova, wat hemel en aarde gemaak het. 3. Mog Hy jou foet ni laat wankel ni! Mog Hy wat jou bewaar ni sluimer ni. 4. Kyk, Hy wat Isra'el bewaar sal ni sluimer of slaap ni. 5. Jehowa is jou bewaarder; Jehowa is jou skadewe teen di hitte fan die son. 6. Di son sal jou bedags ni deer nie, en die maan by nag ni. 7. Jehowa sal jou bewaar fer alle kwaad, jou siil sal hy bewaar. Jehowa sal jou uitgang en jou ingang bewaar, van nou af en fer altyd.

Tot 1911 is daar sewe Bybelboeke vertaal, waarvan die eerste vier in boekvorm verskyn het, die ander in tydskrifte. Die volgende is vertaal: Génesis, Matthéüs, die Openbaring van Johannes, die Psalms, die Hooglied. Handeling en Markus. Lukas bestaan in handskrif.

HOOFSTUK 4.

VERSE IN VERBAND MET TAAL EN VADERLAND.

Die verse van die Eerste Taalbeweging kan nie veel meer as rymwerk genoem word nie. Dit is meestal ruwe kwards waarin weinig goudaartjies te bespeur is, want dit is tog selde dat poësie van werklike betekenis voortgebring word wanneer die gemoed vol is van tendens en propagandistiese gedagtes. Dis of ons gedurig 'n spreker hoor wat op kalme en gemoedelike wyse iemand probeer oortuig van die deugdelikheid van sy eie standpunt of wat lekkerweg spot met die vyand, maar sy aanklag teen papbroekige Afrikaners is selde vol van die vlam-mende verontwaardiging wat ons so dikwels aantref gedurende die Tweede Taalbeweging. Digterlike siening, besinking van roeringe in die volkslewe en die uiting daarvan in digtertaal, soek ons hier tevergeefs. Almal het maar saamgerym en Oom Lokomotief het uitgenooi:

Ons is regte bly
Om liidjiis te kry,
Misski is dit sleg,
Ons maak dit mos reg.
Oom het genoeg gees
Om digter te wees.

Ook Oom Jan moedig aan:

Wi had kon denk dat Afrika
Ooit sofeul digters had?
Gedigte kom nog daagliks an
Hiir's weer 'n folle blad.

„Kinderlik onbevange en ingenome met die wins dat die miskende eie taal hom waarlik voeg tot rym en maat, en met wakker gemaakte bewussyn dat die eie volk beskerm moet word teen denasionaliserende invloede van 'n vreemde kultuur, het die eerste skrywers oormoedig te velde getrek teen alles wat onafrikaans was. Met onverskrokkenheid het hulle protes aangeteken en met rumoerige doenigheid 'n wal probeer opwerp teen die angliserende stroom. Propagandistiese taalverheerliking, gryping na die onmiddellike gebeure, verhale van die oorwinning van die Transvalers in die Vryheidsoorlog van 1881, geestig-ruwe uitjillery van die politieke vyand van die Afrikaner, spot met vreemde mode, sarkasme, vaderlandsliewende jubeling, gelowige aanvaarding van die beskikking van 'n Al-Bestier, grappige verhaal, minnedig, en in die jare neëntig: beryming van geskiedkundige gebeurtenisse, veral uit die Voortrek, en vertalinge uit Engels en Duits — op hierdie eenselwige plan het die eerste verse-skrywers in Afrikaans voortgeslinger, onpersoonlik in uiting en sonder digterlike dryfkrag.” (D. F. Malherbe: Inleiding tot **Afrikaanse Verse**).

Die waarde van hierdie rympies lê daarin, dat dit ons 'n insig gee in die gees van die tyd: die kantkies vir eie taal en vaderland, en nasionale ontwaking. Hier vind ons die ingenomendheid met die eie taal:

Afrikaans is fol gees
 Om gladweg te lees,
 Afrikaans is so plat,
 Dat ons dit kan fat
 Afrikaans is net lig,
 Om liidjiis te dig,
 Afrikaans is ook mooi
 Om woorde te gooi.

Dit is dan ook lekker om te rym:

Nou rym ons lekker, want nou kan
 Gen Hollander of Engelsman
 Ons met syn taal vermaak nie;
 Ons Afrikaans klink net so mooi,
 Lat hulle mar met woorde gooi,
 Hull' sal ons tog nie raak nie.

Die beskouing dat die spreektaal ook die skryftaal
 moet word, begin posvat:

Want Afrikaans is plat en rond
 En groei mos goed op yge grond . . .
 Daarom laat ons taal gou klaar wees,
 In Afrikaans wil ons mos lees.

En:

Oompie, Oompie dis daarom waar,
 Sonder ons taal kom ons nie klaar,
 Ons taal die moet nou o'eral wees,
 Ons wil ons eie taal nou lees.

'n Bietjie sterker spreek die liefde vir die moedertaal
 uit „Ons Toekomstige Volkslied” van Hoogenhout:

Die Afrikaanse taal die klink ver ons so soet;
 Hy is ons Moedertaal — sit in ons murg en bloed;
 Ons ruil hom ver gen taal, al is die nog so skoon.
 Daarvoor het ons gely veragting, smaad en hoon.

Soos ons reeds gesien het, het **Die Patriot** ook 'n
 lewende aandeel gehad in die stryd vir die erkenning
 van Hollands in die Parlement. Daarom klink ook 'n
 vreugdekreet op in die rympies van daardie tyd:

Triomf! triomf! di Parlement
 Wil „konstitusie” so lat wend
 Dat ons kan „Hollands” kry oek.

Die algemene toestand van verengelsing van die tyd vind weerklink in die verse. Die bekende: „Engels, Engels, alles Engels” van Hoogenhout is reeds gedeeltelik aangehaal. Ook ander verhef hul stem teen die toestand:

Engels is alles; kyk hot of kyk haar!
Engels is alles; ek word somar naar!

En:

Koud word vrinde en betrekkings, oom
en neef is nou „meneer;”
Tante en nig is Miss of Mrs.; alles koud
nes winterweer.

Dié wat hulle teen hierdie toestand verset het, is bespot:

En wat Afrikaans of Hollands praat en as syn
taal begeer,
Die is dwaas, 'n arme sukkel, vreeslik dom en
ongeleer!
En as hy van reg durf prate word eenvoudig dit
geseg:
„Jou remoer- en oproermaker, weet jy dan nie
MAG is REG?”

Die verengelsing het verder gegaan as die taal en hierdie toestand word berym:

Engels word mode, ons sede gaat weg,
Engels word mode, dit lyk my mar sleg.
Afrikaners hul plase op Engels bewerk,
Afrikaners gaat al na die Engelse Kerk,
Afrikaners wil hulle nes Engelse hou,
Afrikaners hul huise op Engels gebou.

Die vaderland word geroem as die beste in die wêreld. Dit vind ons reeds in die eerste „Afrikaanse Volkslied”:

Ver ons is daar gen beter grond
Op al die wy'e wereld rond.
Trots is ons om die naam te dra
Van kinders van Suid Afrika.

Suid-Afrika, die vaderland, moet maar kort-kort ly onder die anneksasie-politiek van Engeland:

De Boere trek oor Grootrivier,
Wat nou die Vrystaat is.
Jan Boel neem hull' die land weer af
Mar kyk op Boomplaas na die graf
Van menig offisier.

Toen skryf 'n Lunsriem London toe:
Dis net 'n wildernis.
Wat met die Kaffers aangevang?
Ons is ver hulle regte bang;
Ons is die land al moe.

* * *

Die Boer regeer die land toe goed,
Die land word regte ryk.
Daar word 'n diamand gevind,
Jan Boel die is daar weer geswind:
„Jou klippies of jou bloed!”

Transvaal word geannekseer en vol verontwaardiging klink dit:

Ons land o'er die Vaal was te ryk
An die kosbaar gesteentes van goud;
O die vrugbare streek was 'n prooi
Al te groot ver 'n grypsugtige volk.

O skandaal van die neëntiende eeuw!
 Snode onreg, tirannie, geweld!
 Is 't Brittanjes beskawing en roem
 Om deur steel syn gebied te vergroot?

En:

Jan Boel het die Transvaal gejomp;
 Ons raak dit nou gewend,
 As hy iets neem kan sonder straf,
 Neem hy een anders goed mar af,
 Die vent is mar so lomp.

Die Vryheidsoorlog word met groot belangstelling
 gevolg en die oorwinnings aan die kant van die Boere
 word hartlik toegejuig:

„Hoerêh, Hoerêh! die coward Boers,
 Die sal dit morre weet!
 Hul sal die slag van Lange Nek
 So spoedig nie vergeet!”

So juig die Engelse want:

As grootpraat ooit 'n slag kan wen,
 Dan was dit seker daar, —
 Maar seg en doen loop hemelsbreed
 Seer dikwels uitmekaar.

In die Boerekamp is daar erns en kalmte, die slag
 word gelewer en:

Ons wys bedoord op Piet Joubert,
 Wat met 'n kleine mag
 Die Britse leger het verslaan,
 In Lange Nek syn slag

Roem, Afrika, jou Helde nou!
 Ons skaam ons nou nie meer!

Die Brit sal ons voortaan moet vrees,
Lang Nek het hom geleer.

Die stryd word gewen en:

Die Vierkleur van ons dierbaar land,
Die waai weer o'er Transvaal,
En wee die Godvergeten hand,
Wat dit weer neer wil haal!

Almal is bly en juig die driemanskap toe:

Hoéré! ver Oom Paul,
Hoéré! ver Oom Piet,
Hoéré! ver Pretorius,
So klink nou ons lied.

Maar die eer vir die oorwinning kom die Hoër-Hand
toe:

Vrede! vrede in Transvaal!
Kniel neer.
Loof en dank tienduizendmaal
Die Heer!
Roem en prys Syn Grote Naam,
Man en vrouw en kind te saam;
Spreek met eerbied en ontsag
Van Syn wondre dag an dag.

So ook:

Dog laat ons Hem danke
Met jublende klanke,
En lowe Syn Heilige Naam,
Di weer op ons bede
Geef segen en vrede,
En ni ons geloof het beskaam.

Die grootdoenery van die vyand word bespot:

Syn vlag die waai o'er ider sé
 En heers oek o'er die branders,
 En as jy vra „Wie is hier baas?”
 Sê hy „Ek en niemand anders”
 „Dis onse sé,” sê al syn tars,
 Ons vlag waai heen en weer;;

* * *

Wie syn vlag is dit, raai as jy kan?
 Dis die vlag van die windmaker Engelsman.

Ligweg word gespot met die troepe wat weggejaag
 en Prins Lodewyk in die steek gelaat het:

Die Brit is bo, in alles bo!
 In Afrika moet elk dit glo.
 In hardloop is die Brit oek bo!
 Dit sal nou Afrika wel glo.
 Want veilig is die Britse held,
 Wat spat geset het uit die veld.

Soms klink dit 'n bietjie sarkasties soos:

Geen volk op aard — in eige oog —
 So dapper as die Brit;
 Dis daarom — seg hy — dat hy ook
 So menig land besit.

Ver onreg het hy nooit gestry,
 Daar is nie van te praat;
 En kryg hy ooit die nederlaag,
 Dan was dit met verraad.

HOOFSTUK 5.

S. J. DU TOIT EN ONS KLYNTJL.

S. J. du Toit, die leier van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging, staan van die begin af daar as die groot denker, die man van die daad, die leier met vergesigte en deursettingsvermoë. Groot sal hy altyd bly omdat hy die kernwaardes van die Afrikanernasie uit die modder opgetel het, deur geskrif en woord die nasie wakker geskud het om homself te ontworstel aan die wurggreep van verengelsing en denasionalisering, — groot om sy intellektuele krag, sy wye menslike belangstelling en sy helderheid van denke. Nooit was hy ledig nie! Taal, politiek, opvoeding, Bybelvertaling en Bybelverklaring, godsdienstige geskrifte — op al hierdie gebiede was hy werksaam. Ook het hy 'n uitgebreide reis oorsee gedoen, die Simbabwe-ruïnes besoek en 'n diepgaande studie van die Egiptiese oudheidkunde gemaak. Bo alles het hy gestel: Godsdiens, Taal en Nasie, hierdie drie, wat vir hom onafskeidbaar verbonde was en waarvoor hy bereid was om alles op te offer.

Tog het hierdie reusefiguur in sy politieke sienswyse so verander, dat hy later kant gekies het teen sy volk. Die leier het sy volk in die steek gelaat en daarom het sy volk hom verlaat. „Die eerste groot struikelblok is sy houding teenoor die Adendorff-trek. Oom Lokomotief het die beweging van die Trekkers wat 'n eie land met 'n eie vlag in Masjona (Banjoe-)land wou gaan seek het nog voor Rhodes met die Charter-kompanjie op die streek aanspraak gehad het, met raad en daad gesteun. Maar ds. S. J. du Toit het hom op Rhodes verlaat en wou dat

die Trekkers met hom 'n skikking moes maak. Wat verantwoordelik is vir die frontverandering van ds. Du Toit, wat nie meer 'n eie vlag vir Verenigde Suid-Afrika verlang nie, is 'n onopgeloste probleem." (G. S. Nienaber: **Die Afrikaanse Beweging**).

Oom Lokomotief en C. P. Hoogenhout, wat hulle nie kon vereenselwig met so 'n frontverandering nie, breek in 1892 vir goed met **Die Patriot**, en toe die Jameson-inval in 1896 bewys hoe imperialisties Rhodes gesind is, bedank 'n aansienlike aantal van die intekenare die blad wat vroeër hul beste vriend was, maar nou wou hê dat hulle die vyand moes vertrou. Hierna volg die moeilikhede met die uitlanders in Transvaal en ook hier kies ds. Du Toit kant teen pres. Kruger. 'n Stadige maar sekere verskuiwing van politieke grond onder hom was duidelik merkbaar, en in 1898 tree hy ook uit die Afrikanerbond. Die gevolg was dat die intekenare op **Die Patriot** al meer en meer bedank het en toe die oorlog in 1899 uitbreek, was sy dae ook getel. Die eertydse vaandeldraer van die ware Afrikanerdom het nog 'n sukkelbestaan gevoer tot 1904, en toe 'n finansiële dood gesterf.

Op taalgebied het S. J. du Toit 'n kampvegter gebly en grootse ideale gekoester vir die Afrikaanse taal. In 1891 verskyn daar by D. F. du Toit en Kie: **Afrikaans ons Volkstaal, 71 Theses of Stellinge, neergeleg en verklaar deur S. J. du Toit**. Hierdie werkie, waarin die standpunt van die Genootskappers weer breedvoerig uiteengesit word, kondig ook 'n nuwe tydperk in die taalstryd aan, want, tot nou toe was ons doel net om di **Afrikaner te laat verstaan: Jy het 'n taal; . . . skryf di taal nes jy dit praat.**" Maar die tyd het nou aangebreek om 'n groot taalkongres te hou en „as voorstanders van **Afrikaans, te o'erwege of di tyd ni gekom is om Afrikaans tot offisiële taal erken te kry, in die plek van Hollans;**" en ook om „'n **Afrikaanse Taalbond of Taalver-**

eniging op te rig, wat ten doel het die ontwikkeling van ons Volkstaal as skryftaal."

Op die groot taalkongres wat in 1896 in die Paarl gehou is, is besluit om in hierdie rigting te werk en met die doel om die skryftaal te veredel, word 'n maandblad in die lewe geroep waaraan op voorstel van ds. J. Lion-Cachet die beskeie naam **ONS KLYNTJI** gegee is. Hier het ons 'n doelbewuste poging om die skryftaal te ontwikkel, want waar **Die Patriot honderde leer skrywe het vir 'n koerant, moes Ons Klyntji tientalle leer om goed te skrywe.** „Daarom sal op taal en styl net so gelet worde as op die inhoud. Alles suiwer Afrikaans: form en inhoud."

Alhoewel die redakteur, ds. S. J. du Toit, onder verdenking gestaan het, het die intekenare tog binne 'n jaar aangegroei tot 3000, want daar was 'n behoefte by die volk aan 'n blad vir die volk. **Ons Klyntji** het ook belowe: „**O'er politiek sal ek ni praat ni.**" Die blad het ook getrou gebly aan sy doel: „die lus en liefde fer ons moedertaal op te wek en an te kweek."

Behalwe verhale, gediggies, vaderlandse geskiedenis en taalbeskouinge, het **Ons Klyntji** ook leesstof aangebied oor die wondere van die sterrehemel, die volkere van die aarde, ens. Hierdie stukke was populêr geskryf en kon die mense bereik vir wie hulle bedoel was: die boer op die plaas en die jong geslag. Hierin lê dan ook die waarde van **Ons Klyntji**. Net soos **Die Patriot** het hy mense bereik wat anders altyd in die koue gelaat is.

(herdruk uit **Ons Klyntji**): **Die Kerk van die Katekombe,**

Tussen 1896 en 1905 het die volgende boeke verskyn **deur Hoogmoed Misly en Wat Geld kan doen** (kortverhale), **Afrikaanse Lidere met Musiik, Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels**, Margrita Prinsloo ('n historiese toneelstuk deur S. J. du Toit) en **Die Koningin fan Skeba** ('n roman deur S. J. du Toit). Laasgenoemde het deur sy geweldige opset en geheimsinnige atmosfeer

'n groot indruk gemaak en baie gehelp om die leeslus aan te wakker.

Ook in die verse van hierdie tydperk is daar 'n nuwe gees te bespeur. Uit die jong geslag tree persone soos Naser en Buys op die voorgrond met gediggies wat tog al getuig van oorspronklikheid. Ook van J. D. du Toit (Totius) verskyn daar geslaagde vertalings uit Duits. **Ons Klyntji** was net mooi op stryk toe die Engelse-oorlog uitbreek en ook hom 'n nekslag toedien. Intekengelde kon nie meer betaal word nie, en die redakteur wat op politieke gebied nie in voeling gebly het met sy volk nie, het nie meer die nodige ondersteuning gekry nie. In 1905 sterf ook **Ons Klyntji** 'n finansiële dood en **Ons Taal**, wat van 1907 af sy voetspore probeer volg, bestaan net twee jaar as naklank uit die Eerste Afrikaanse Taalbeweging.

DEEL 2

**DIE TWEEDE AFRIKAANSE TAAL-
BEWEGING**

HOOFSTUK 1.

INLEIDING.

Die oorgang tussen die Eerste en die Tweede Taalbeweging kan nie met duidelik afgebakende grenslyne aangedui word nie, want die een was besig om weg te kwyntoe die ander reeds begin het. „Met sulke geestelike strominge gaan dit veelal soos met die ontstaan van 'n rivier in 'n berglandskap. Daar loop allerlei verborge are onder die grond wat gaandeweg deursyfer en klein takstroompies vorm. Dié vloei dan weer die een in die ander, totdat later almal verenig word om saam die hoofstroom te vorm. Maar dis moeilik om te sê presies waar en wanneer die eintlike rivier as sodanig 'n aanvang neem.” (E. C. Pienaar: **Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging**).

Die Patriot verskyn nog tot 1904 en Ons Klyntji tot 1905, terwyl daar in 1906 ook nog 'n versameling gedigte uit die tydperk 1876—1906 verskyn. Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging het toe reeds begin, en alhoewel dit in baie opsigte voortbou op die werk van die Eerste, openbaar dit van die begin af 'n gans ander gees, karakter en rigting, en groei dit onder geheel en al ander omstandighede, wat dan ook die aard en die koers van die beweging bepaal het.

Die jare tussen 1895 en 1905 was vir ons volk jare van roering, kastyding en teleurstelling, maar ook jare van stille opvoeding. Aan die **Gimnasium in Pretoria** is belangrike opvoedingswerk gedoen en daarom vind ons na die oorlog besielde jong manne soos **GUSTAV PRELLER** en **EUGÉNE MARAIS**, wat die taalstryd met erns kon aanpak. Ander weer, soos **D. F. MALHERBE**,

TOTIUS en JAN CELLIERS, kon drink uit die kultuurbronne van Europa en innerlik verryk terugkeer na hul vaderland om in diens te tree van hul beroofde en lamgeslane nasie.

Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging staan dan ook van die begin af op 'n hoër peil as die Eerste. Die Eerste is 'n wye beweging en omvat politiek, taalpropaganda, landbou-organisasie ens., en is, met uitsluiting van die leiers, meer beperk tot die onontwikkelde volksdeel. Die Tweede beweeg hom op 'n nie-politieke baan en tel baie geleerde Afrikaners onder sy ondersteuners. Die Eerste moes die aan-die-slaap-geraakte Afrikaners organiseer; die Tweede word gedra deur 'n nasionaal-ontwaakte Afrikanerdom. Die digwerk van die Eerste Beweging was didakties, gemoedelik en propagandisties en kan nie veel meer as rympies genoem word nie; die Tweede Beweging kon aanspraak maak op gebore digters wat die nasieleed, nasietrots en nasietrou kon uitsing, en so deur die skeppingsdaad die bestaansreg van Afrikaans onomstootlik kon bewys.

„Die Eerste Beweging was tastend en wegbereidend, die Tweede ingrypend en vervullend; die Eerste uiterlik, die Tweede innerlik . . . die Eerste was gans en al daad, die Tweede besinking en geestelike ryping.”*

Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging word gekenmerk deur 'n hoër mate van erns; die volk was nog in rou gedompel toe daar al weer 'n stryd moes aangeknoop word, en hierdie keer om te red wat daar nog te red was.

Net na die oorlog was die Afrikanerdom in die twee vroeëre republieke lamgeslaan. Die ballinge het teruggekeer om hier net hul afgebrande huise en vernielde plase te vind. Hul vryheid, wat vir hulle dierbaarder was as hul eie lewe, het hulle verloor. 'n Toestand van ont-

* Uit 'n voorlesing van dr. D. F. Malherbe.

wrigting, armoede en ontbering was hul lot—'n toestand wat **Jan Celliers** later so treffend uitgebeeld het in „**Dis Al**”:

Dis die blond,
dis die blou:
dis die veld,
dis die lug;
en 'n voël draai bowe in éensame vlug —
dis al.

Dis 'n balling gekom
oor die oseaan,
dis 'n graf in die gras,
dis 'n vallende traan —
dis al.

In sulke omstandighede moes daar al weer 'n stryd aangeknoop word, want die veroweraar was nog nie tevrede nie; die volk moes ook geestelik verower word, en die beste plek om daarmee te begin, was die skool. Dit was die doel wat Sargent, Direkteur van Onderwys in Transvaal, voor oë gehad het toe hy in 1903 aan Lord Milner 'n brief rig waarin hy o.a. die volgende aanbeveling doen:

„Ons moet 'n beroep doen op Engeland en op die broers en susters van diegene wat vir die Ryk geveg het, en hulle vra om oor te kom en in te staan vir dié deel van die werk wat hul manlike familieleden nie kon voltooi nie. Ons militêre bedrywighede het tot gevolg gehad dat die grootste deel van die kinders tans in die kampe vertoef, en ek is oortuig dat dit die beste geleentheid is om hulle almal die volgende jaar Engelssprekend te maak. Wat ons nou hier nodig het, is vroue, hoogs bekwame onderwyseresse, met sterk vaderlandsliefde, wat gewillig sal wees om hierheen te kom en die ontberinge van die kampelewe deur te staan, ten einde die kinders van die burgers in ons taal en ons ideale te onderrig.

Leer die kinders langsamerhand ook ons groot imperiale ideale." *

Aan hierdie oproep is deeglik gehoor gegee en 3000 onderwyseresse is uit Engeland ingevoer, asook 'n aantal onderwysers wat die betrekkings van skoolhoofde in die dorpskole kom beklee het. Ook die staatsdiens is deur Milner-aanstellings gevul. Artikel 6 van die Vredestraktaat van Vereeniging, waarin bepaal word dat Hollands geleer mag word waar die ouers dit verlang, was niks meer as 'n blote belofte op papier nie.

Hierdie toestand het die Afrikaners genoop om weer 'n stryd aan te knoop. Al wat hulle nou nog gehad het, was hul swaarbelaste plase en hul taal, en die taal, die enigste ooilam, was ook in gevaar. Dit sou niks help om te protesteer nie; in hul uiterste armoede moes hulle hul eie skole oprig. Daar is toe gekollekteer, ook in Holland, en so ontstaan die C.N.O.-skole as 'n bewys dat ons volk sy vryheid verloor, maar sy siel behou het.

Die siel van die C.N.O.-skole was ds. W. Postma, deur wie se ywer en toewyding veel tot stand gebring is in die opvoedingswêreld. Weens geldskaarste kon hierdie skole nie in al die behoeftes voorsien nie, tog was hulle van groot belang in daardie tyd. In 1906, 'n jaar nadat Hollands ook as vak in die regeringskole toegelaat is, was daar nog duisend kinders in die C.N.O.-skole.

Dis die geloof, die godsdienstige agtergrond, wat ons volk weer die stryd laat aanknoop het. Dit gebeur dikwels in 'n tyd van verdrukking en ellende, dat mense hul houvas verloor en losbandig word. **By ons volk het die geestelike waardes die deurslag gegee** — die geestelike waardes wat altyd bepaal of 'n nasie sal voortbestaan of nie. In hierdie lig moet ons die Tweede Afrikaanse Taalbeweging beskou. Die geloofsbelydenis van

* Oorgesit in Afr. uit: **Die Brandwag I**, 14, bls. 418.

die taalmanne uit hierdie tydperk vind ons in die woorde van ds. J. D. Kestell: „Ons taal is vir my, na die godsdiens, die ernstigste saak wat die Afrikaner kan besig hou. Dit is — laat my toe om dit so uit te druk — 'n saak van lewe en dood.”

HOOFSTUK 2.

DIE STRYD VIR AFRIKAANS TOT 1910.

A. DE GOEDE HOOP.

In die Kaapprovinsie het die oorlog en die frontverandering van S. J. du Toit die stryd vir Afrikaans tydelik tot stilstand gebring.

Die vooroordeel teen alle pogings in die gees van die Patriot-beweging was so sterk, dat die voorstanders van Afrikaans 'n ander weg moes inslaan. Toe **DE GOEDE HOOP**, 'n maandblad vir jongmense, in 1903 opgerig word, moes dit dan ook 'n Hollandse blad wees; gelukkig was die redakteur, **ADV. J. H. H. DE WAAL**, 'n warm kampvegter vir Afrikaans. In die eerste nommer verskyn daar al twee kortverhale en twee gediggies in Afrikaans. (Een van die gediggies of rympies is van die hand van Melt Brink, wat later 'n vaste medewerker word).

De Waal was in 'n moeilike posisie. Die direksie, waarin o.a. ook Onze Jan gedien het, wou die blad nie ter wille van Afrikaans laat verongeluk nie, maar die redakteur was 'n man wat kon vastrap. Hy skryf self 'n toneelstukkie, **Angelina**, en in 1904 laat hy **Johannes van Wyk** as vervolgverhaal verskyn. Ook in **Ons Land**, 'n Hollandse koerant aan die Kaap, tree hy op as pleitsbesorger vir Afrikaans. Hy pleit vir die vasstelling van die spelling deur 'n kommissie van taalgeleerdes en vir die oprigting van 'n taalvereniging wat sal veg vir „ons geliefde Afrikaans”. In verband met die spelling gee hy aan die hand: **Skryf soos jy praat, maar wyk nie onnodig af van die Nederlandse spelvorm nie.**

Die meeste teenstand het gekom van die voorstanders van die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (V.N.S.). Die Vereenvoudigde Spelling, waarvan Kollewyn die vader was, wou in Holland nie posvat nie, maar in Suid-Afrika het dit warm voorstanders gevind. Deur bemiddeling van manne soos dr. W. J. Viljoen en prof. De Vos is die V.N.S. goedgekeur deur die Taalbond en die onderwysers, en gevolglik het die pers dit ook begin toepas. Hierdie manne het gedink dat hulle nou eendelik die regte weg ingeslaan het om Nederlands in Suid-Afrika in ere te herstel. Hulle het, met die doel om die taal nader aan die volk te bring, selfs sover gegaan om aan tipies Afrikaanse woorde en uitdrukkinge burgerreg te verleen.

In een opsig het hulle met die voorstanders van Afrikaans saamgestem, nl. dat daar 'n teenwig teen verengelsing moes wees, maar hulle het hierdie mense verwyrt dat hulle hulle beywer vir 'n taal sonder 'n letterkunde en hulself sodoende aan die Engelse taal met sy sterk letterkunde oorlewer. Om nou mense met sulke argumente teen jou te oortuig dat dit beter is om kant te kies vir 'n taal sonder 'n letterkunde, het destyds nie so maklik gegaan nie. Maar terwyl De Waal in die Suide besig was om 'n opdraende stryd te voer, het die taalbeweging in die Noorde vinnig posgevat.

B. DIE AFRIKAANSE TAALGENOOTSAP. (A.T.G.)

In die Vrystaat (destyds die O.R.K.) was die vader van die C.N.O.-skole, **DS. W. POSTMA**, ook een van die eerstes om die pen in die Afrikaanse taalstryd op te neem. Hy het 'n getroue vriend en ondersteuner gehad in die redakteur van **De Vriend, JOHANNES VISSCHER**, wat hom aangemoedig het om artikels vir sy koerant te skryf. Visscher was 'n Hollander, maar hy het besef dat Hollands vir Suid-Afrika verlore was. 'n Paar artikels oor Afrikaans, hoofartikels in Afrikaans en die

gereelde publikasie van dr. **O'KULIS** (ds. W. Postma) se „Oogdruppels”, getuig van sy ywer vir „die jong taal aan wie die toekoms behoort.”

Ook in Natal het Afrikaans 'n oortuigde voorstander gehad. **J. S. M. RABIE**, redakteur van **De Afrikaner** (Pietermaritzburg), tree hier op as pleitbesorger en sy pleidooi is: „Ons toekoms is Afrikaans of niks.” Hy waag dit ook om 'n hoofartikel in Afrikaans te plaas, dog weens die skerpe kritiek wat dit uitgelok het, was hy verplig om daarna versigtig te werk te gaan.

Terwyl hierdie roeringe aan die gang was, laat die kragdadige optrede van **GUSTAV PRELLER**, onderredakteur van **DE VOLKSSTEM** (Pretoria), die taalbeweging in die Noorde vaster vorm aanneem. Sy betrekking het meegebring dat hy besonder goed bekend was met die taaltoestande. Hy het insage van alle artikels en briewe vir die blad gehad en het daagliks gesien hoe die mense met Hollands sukkel. By byna alle bydrae het hy die versoek gevind: „Verbeter tog maar die taal; ek kan my nie so goed in Hollands uitdruk nie.” Meer as iemand anders was hy dus in staat om, toe hy begin veg vir Afrikaans, mokerhoue uit te deel en die Afrikaners te oortuig dat hul toekoms van die behoud van hul taal afhang.

In 1905 hou Onze Jan 'n toespraak oor die vraag: Is't ons ernst?, waarin hy wys op die treurige taaltoestande in die land en pleit vir die handhawing van Hollands. Na aanleiding van hierdie toespraak skryf Preller 'n reeks artikels onder die opskrif: **Laat 't ons toch ernst wesen**”. Hierdie artikels, wat vanaf April 1905 in **De Volksstem** verskyn het, het 'n warm stryd laat ontbrand. Dr. E. C. Pienaar sê: „Hierdie pleidooi kan beskou word as die manifes van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging.”

Preller dring dadelik deur tot die kern van die saak. Hy beweer dat Onze Jan die aksent op die verkeerde

plek plaas. Die groot sonde is nie gebrek aan erns nie, maar die miskenning van Afrikaans. Dit is ook onmoontlik om dit **ernstig** te bedoel met Hollands; reeds in die vorige eeu het Hollandse taalgeleerdes soos dr. Changuion en dr. Mansvelt erken dat dit hopeloos is om Hollands in Suid-Afrika te herstel. Hy vat sy standpunt verder as volg saam:

1. „De taal die in een land leeft, die in het ganse volk wortelt, heeft in dat land en onder dat volk de meeste kans op voortbestaan, en laat zich niet uitroeien dan met de uitroeiing van het volk waarin ze leeft. De geschreven taal van enige natie regelt zich onwillekeurig, of behoort zich te regelen, naar de gesproken taal van die natie; anders lopen de twee naderhand zó ver uitmekaar, dat zij feitelijk afzonderlike talen zouden zijn.

2. Afrikaans wortelt diep en leeft gezond in de gehele Afrikaner natie. Geen andere taal doet hetzelfde. Onze schrijftaal verschild zó ver van onze spreektaal, dat voor 't gros der Afrikaners het geschrevene als een vreemde taal is, die zij zelf nagenoeg nooit schrijven.

3. Daarom heeft Afrikaans in Zuid-Afrika de grootste en beste kans op voortbestaan. Daarom behoort onze schrijftaal veel nader bij 't Afrikaans te komen, dan waar zij zich tans bevindt.” (**Gedachten over de aanvaarding ener Afrikaanse schrijftaal**: die artikels van Preller wat onder hierdie naam in Julie 1905 in brosjurevorm uitgegee is.)

In sy pleidooi slaan Preller moontlike besware teen sy standpunt die nek in. Hy bewys dat selfs die predikante geen suiwer Hollands gebruik nie en haal voorbeelde aan van die daaglikse verknoeiing van die taal deur die algemene publiek, b.v. „Stuur my tog asseblief twee pond harde vet en as daar geen harde vet zijn ben te wezen, stuur dan maar safte”. Ook beklemtoon hy

dat baie mense hulle toevlug tot Engels neem omdat hulle skaam is vir hul gebrekkige Hollands.

In sy pleidooi vir Afrikaans maak hy gebruik van „**Winternag**” van Eugène Marais, wat hom in staat stel om te bewys dat Afrikaans die draer van die fynste geestesuitinge kan wees. Hierdie gediggie, wat pas in 1904 verskyn het, word vandag nog beskou as ’n juweel in ons letterkunde en ons kan dus verstaan dat dit vir baie tot groot steun en bemoediging in die taalstryd was.

Nou het die taal vir homself begin veg. Let maar op die skoonheid van beeld en ritme in „**Winternag**”: deur die suggestiewe beeld slaag die digter daarin om in ’n paar trekke die koudheid en verlatenheid van die winternag onvergelyklik skoon uit te beeld, en in die klaende ritme van die wind snik die digter sy eie smart uit, asook die smart van sy volk wat soveel gely en soveel verloor het; — siening, beeld en ritme vorm ’n hegte eenheid in hierdie gediggie en getuig **dat Afrikaans in staat is om die fynste nuanseringe van die digtersiel te vertolk**. Luister maar:

O, koud is die windjie
 en skraal!
 En blink in die dof—lig
 en kaal
 So wyd as die Heer se genade—
 lê die velde in sterlig en skade.
 En hoog in die rande,
 verspei in die brande,
 is die grassaad aan roere,
 soos wenkende hande.

O, treurig die wysie
 op die ooswind se maat,
 soos die lied van ’n meisie

in haar liefde verlaat!
 In elk grashalm se vou
 blink 'n druppel van dou,
 en vinnig verbleek dit
 tot ryp in die kou.

Hierdie artikels van Preller, wat ook in brosjure-vorm versprei is, het 'n drukke briefwisseling tot gevolg gehad, want Preller het almal wat sy sienswyse deel, uitgenooi om dit per brief mee te deel, ten einde oor te gaan tot die stigting van 'n taalgenootskap. As die basuin helder klink, word daar gehoor gegee en in baie van hierdie briewe is steun belowe. Hier was mos ook nie 'n jong rebel aan die woord wat maar alles oorboord wou gooi nie. Sy gesonde raad was: Stadig oor die klippe. **SKRYF EN PRAAT AFRIKAANS, LEER HOLLANDS EN LEES ALBEL.**

Twee kommissies, een in Pretoria en een in Bloemfontein,* het intussen propagandawerk gedoen en op **13 DES. 1905** het 'n dertigtal wapenbroers in Pretoria vergader om oor te gaan tot die stigting van die **AFRIKAANSE TAALGENOOTSAP.**

Die doel van die Genootskap sou wees:

- (1) Om Afrikaners te oortuig dat Afrikaans hul taal is en deur hulle as spreek- en skryftaal behoort gebruik te word.
- (2) Die ontwikkeling van die Afrikaanse taal in 'n suiwer vorm.
- (3) Die aankweking en ontwikkeling van 'n suiwer Afrikaanse nasionaliteitsgevoel.

Die Genootskap sou trag om sy doel te bereik:

- (1) deur Afrikaners aan te moedig om Afrikaans te

* In die Bloemfonteinse kommissie het gedien: ds. W. Postma, Johannes Visscher en Oom Lokomotief.

- praat, te lees en te skryf in al die omstandighede van hul lewe;
- (2) deur te werk vir die oprigting van 'n Afrikaanse tydskrif;
 - (3) deur aanmoediging van verenigings vir die studie van die Afrikaanse taal en geskiedenis;
 - (4) deur behulpsaam te wees met die uitgee en verspreiding van goedkoop Afrikaanse boeke en ander geskrifte;
 - (5) deur pryse uit te loof of eervolle onderskeiding toe te ken vir opstelle en geskrifte in Afrikaans;
 - (6) deur die versameling van ou en hedendaagse Afrikaanse letterkunde en publikasie daarvan na gelang van omstandighede;
 - (7) deur die onderwys in die Nederlandse taal en Afrikaanse geskiedenis op die skole te help bevorder.

In die eerste bestuur is gekies: N. Hoogenhout, A. J. van der Walt, Joh. Visscher, N. de Wet, F. P. Nicholson, G. S. Preller en Izak van Heerden (Vaalswaer).

Die A.T.G. het hoofsaaklik beperk gebly tot Pretoria, waar veral op die gebied van die toneel belangrike werk gedoen is. 'n Aantal Afrikaanse en Hollandse toneelstukke is hier met welslae opgevoer en in **De Volksstem** het verskeie Afrikaanse artikels verskyn. Preller se **Piet Retief** verskyn ook eers as vervolghverhaal en word in 1906 in boekvorm uitgegee.

Die teenstand teen die Afrikaanse beweging het telkens maar weer opgelaai. Prof. De Vos, en veral prof. Marais van die Kweekskool op Stellenbosch, het bittere teenstanders gebly, maar die Afrikaanse taalbeweging was nie meer te keer nie; ook in die Kaapprovinsie was die gras aan die brand.

C. DIE STIGTING VAN DIE AFRIKAANSE TAALVERENIGING (A.T.V.)

In Oktober 1906 keer **DR. D. F. MALHERBE** ná voltooide studie in Duitsland na sy vaderland terug. Kort na sy aankoms hou hy op Wellington 'n voorlesing oor die vraag: Is Afrikaans 'n dialek? Op wetenskaplike wyse behandel hy die vraag, bewys dat Afrikaans 'n selfstandige taal is en pleit vir die aanvaarding daarvan as skryftaal. Hy tree ook in verbinding met De Waal en **dr. A. I. Perold** en hulle bespreek die stigting van 'n taalvereniging en stel 'n ontwerp-konstitusie op.

In hul propagandawerk vir Afrikaans het hulle net „Winternag” en „**Die Vlakte**” van Celliers* gehad om op te wys, maar dit was vir hulle 'n steun en bemoediging—die aankondigers van die dagbreek van 'n Afrikaanse letterkunde.

Aan hul oproep tot 'n vergadering het sewentig belangstellendes gehoor gegee en op **3 NOV. 1906** is die **AFRIKAANSE TAALVERENIGING** in die Wicht-saal, Kaapstad, gestig. In die eerste bestuur is manne gekies soos ds. J. G. van der Horst, adv. J. H. H. de Waal, drs. Malherbe, Perold en D. F. Malan.

In die Statute van die vereniging kom o.a. die volgende belangrike bepalings voor:

1. Motief.

Die vereniging gaan van die standpunt uit, dat Afrikaans die taal van die Afrikaanse volk is, en om die rede deur ons volk erken en ondersteun behoort te word, en meen, dat die taal so vry as moontlik van vreemde woorde en idioome moet gebruik word.

* Die Vlakte het in Mei 1906 in **De Volksstem** verskyn.

2. Doel.

Die hoofdoel van die vereniging is om die gebruik van suiwer Afrikaans as spreek- sowel as skryftaal aan te moedig, en om meer liefde en waardering by ons volk daarvoor op te wek.

3. Middele.

Om sy doel te bereik, sal die vereniging trag om:

(a) Afrikaanse ouers voor oog te hou dat, waar hulle Afrikaans as huistaal verwaarloos, daar groot gevaar is dat Engels die huistaal van hul kinders sal word, en dat hul nasionaliteitsgevoel daardeur verswak sal word;

(b) daarvoor te ywer dat deeglike onderwys in Nederlands op ons skole gegee word, daar Nederlands die hoofbron van Afrikaans is; en dat niemand tot skoolinspekteur aangestel sal word nie, tensy hy 'n behoorlike kennis van Hollands besit;

(c) 'n streng wetsbepaling te verkry dat niemand in die staatsdiens sal opgeneem word nie, tensy hy 'n redelike kennis van Hollands besit;

(d) die gebruik van Hollands as offisiële taal deur afdelingsrade, munisipaliteite, ens., as wettig erken te kry;

(e) verdienstelike Afrikaanse boeke, liedere, e.a. geskifte uit te gee en te versprei;

(f) aan bevriende koerante en tydskrifte leesstof in Afrikaans te besorg;

(g) kragtig saam te werk met alle ander verenigings, wat spesiaal vir die bevordering van Afrikaans ywer, en ook in harmonie te werk met die Z.A. Taalbond, die A.C.V., die Z.A.O.U., (Zuid-Afrikaanse Onderwysersunie) en alle ander dergelike liggame, wat betref die uitbreiding van Hollands in ons land.

Volgens hierdie bepalinge sou daar ook geywer word vir Hollands en daar kon dus gereken word op die steun van sommige van die voorstanders van Hollands. Toe die Z.A.O.U. teen die einde van 1906 'n kongres aan die Strand hou, was een van die beskrywingspunte dan ook dat die kongres hom sou uitspreek oor die pas gestigte A.T.V. Drs. Malherbe en Perold het hul standpunt hier verdedig en die kongres het hom ten gunste van Afrikaans as spreektaal verklaar.*

Die A.T.V. het van die begin af meer geesdrif gewek en groter groeikrag geopenbaar as die A.T.G. In 1907 was daar al oor die hele Kaapprovinsie takke gestig. Die tak op Stellenbosch het later die meeste lewenskrag geopenbaar; hier immers was 'n groot aantal van die studerende jeug wat geesdriftig kon optree.

In 1907 is ook in Bloemfontein op 'n vergadering onder voorsitterskap van genl. Hertzog besluit om 'n A.T.V.-tak te stig. Die vereniging het hier warm ondersteuners gehad in die persone van ds. W. Postma, Oom Lokomotief, J. S. M. Rabie en prof. A. Francken.

Die jaar 1907 was ook op 'n ander gebied 'n belangrike jaar vir die Vrystaat, want toe is aan die twee eer tydse republieke verantwoordelike bestuur toegestaan. Genl. Hertzog, destyds Minister van Onderwys in die Vrystaat, stel toe 'n nuwe onderwyswet op waardeur die dubbele medium verpligtend gemaak is. Die Engelssprekendes het dadelik in opstand gekom teen hierdie nuwe reëling en 'n paar inspekteurs wou selfs die wet help verongeluk, sodat die Minister drie van hulle moes ontslaan. Een het 'n saak teen die Minister gemaak, maar die volk het getoon dat dit 'n volksaak was, want al gou is meer as £2000 ingesamel om die hofkoste te bestry. Die geld wat nie gebruik is nie, is later aan die S.A.

* As skryftaal het die Z.A.O.U. Afrikaans afgekeur, tot 1916, toe 'n ander besluit geneem is.

Akademie geskenk om jaarliks die beste letterkundige werk met 'n geldprys, bekend as die Hertzog-prys, te bekroon.

D. DIE JAAR 1908.

Die voorstanders van Afrikaans het vinnig aangegroei en dr. W. J. Viljoen het besef dat teenstand nie meer sou help nie; daarom kom hy teen die einde van 1907 met 'n voorstel dat die twee partye tot 'n versoening moet geraak. Hierdie voorstel van een van die warmste kampvegters van die V.N.S. was 'n erkenning dat die Afrikaanse taalbeweging nie meer op die agtergrond geskuif kon word nie. Die teenstand was nog nie uitgedoof nie. Prof. Marais en ander bly nog teenstanders van Afrikaans tot 1920.

Die jaar 1908 is van besondere belang in die geskiedenis van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging. Die beweging het nou dwarsdeur die land posgevat en die belangstelling in volk en taal vind uiting in verskillende rigtinge. In Bloemfontein word die Oranje-Vrouevereniging in die lewe geroep om te ywer vir die sedelike en stoflike verheffing van die volk. In die Vrystaat, waar die teenstand nie so bitter was nie en die taalstryd gevolglik minder geesdriftig aangepak is, kom daar nou ook samewerking tussen die twee partye. Deur die bewering van dr. Knothe word **Onze Taal** in Bloemfontein gestig met die doel om te veg vir Hollands (Afrikaans en Nederlands.)

'n Groot A.T.V.-kongres is 'n ander belangrike gebeurtenis van hierdie jaar. Die spellingkommissie wat in 1907 aangestel is, kon nou al verslag doen. Sy aanbeveling kom hoofsaaklik hierop neer: (1) **Respekteer die oog en wyk so min moontlik af van die vereenvoudigde spelling;** en (2) **respekteer die oor en spel volgens die beskaafde Afrikaanse uitspraak.** Hierdie beginsel is in 1915 deur die Akademie ook as grondslag vir die spel-

reëls aangeneem. Dr. Malan kon op hierdie kongres ook met trots melding maak van die feit dat daar al vyftig oorspronklike werke in Afrikaans bestaan. Ook kon hy vasstel: dit is ons erns, waarop Preller wat nog pas in 1905 moes pleit vir belangstelling, kon antwoord: **Nou is 't ernst.**

In 1908 verskyn ook **BY DIE MONUMENT** van Totius en **DIE VLAKTE EN ANDER GEDIGTE** van Jan Celliers, en hiermee het die dag van die Afrikaanse letterkunde aangebreek. Hierdie twee versbundels was 'n bewys dat Afrikaans 'n inherente krag besit, dat hy die draer kan wees van die edelste gedagtes, van die teerste sielsroeringe, en vorm as sodanig 'n hoeksteen in die Afrikaanse letterkunde en taalstryd. Die taal het nou vir homself begin stry, die stryd was nou positief en besware wat vroeër geopper is, het nou vanself weggeval.

E. DIE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE EN KUNS (1909).

Die nuwe rigting in die taalstryd, soos geopenbaar deur die stigting van Onze Taal, het deur die hele land begin byval vind. Teen die einde van 1908, tydens die sitting van die Nasionale Konvensie in Kaapstad, is op aandrang van manne soos President Steyn, genl. Hertzog en Onze Jan besluit om 'n vereniging in die lewe te roep wat die voorstanders van Afrikaans en Hollands in een groot liggaam sou verenig. Op 'n kongres wat in Bloemfontein deur Onze Taal belê is, is die saak breedvoerig bespreek, en op 2 Julie 1909 is die Akademie gestig met die doel om te ywer vir: die Nederlandse en Afrikaanse taal en letterkunde, Suid-Afrikaanse geskiedenis, oudheidkunde en kuns.

„Om die doel te bereik, sou o.m. die volgende middele aangewend word: Uitskrywe van eksamens in taal,

lettere, geskiedenis en kuns; uitskrywe van prysvrae oor wetenskaplike onderwerpe; verlening van geldelike steun by die uitgee van verdienstelike werke; inrigting van biblioteke, leesgeselskappe en populêre voorlesinge; sorg vir lektuurverspreiding en doelmatige skooluitgawes; sorg vir die gelykstelling van tale by universiteits- en ander eksamens." (Dr. E. C. Pienaar: **Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging**).

Die Akademie het nou die twee groot taalpartye verenig, sodat daar in die toekoms kragdadiger opgetree kon word. 'n Komitee van dertig, verteenwoordigers van die vier provinsies, is in die begin aangestel. Hulle moes almal manne wees wat reeds op taalgebied gepresteer het en dus as gesaghebbendes kon optree. Hierdie bepaling is nie juis getrou nagekom nie, en miskien het dit ook daartoe bygedra dat die Akademie die eerste paar jaar 'n dooie liggaam was. Eers van 1914 af het die Akademie as gesaghebbende liggaam belangrike werk gedoen en ook beslis oor die Afrikaanse spelling, waarvan die eerste vaslegging in 1915 plaasgevind het.

F. DIE OFFISIËLE ERKENNING VAN HOLLANDS EN DIE VERSKYNING VAN DIE BRANDWAG— 1910.

Die jaar 1910 is nog 'n mylpaal in die geskiedenis van die Tweede Taalbeweging. Met die totstandkoming van die Unie het Hollands, kragtens art. 137, offisiële erkenning verkry naas Engels. Dit was 'n groot stap vorentoe, want in die toekoms sou net moes beslis word wanneer Afrikaans die plek van Hollands moes inneem. Die een deel van die stryd was nou gewonne en die ander sou nie meer lank op hom laat wag nie.

Op Uniedag, 31 Mei 1910, maak ook **DIE BRANDWAG** sy verskyning. Vir die oprigting van hierdie tydskrif is al van 1907 af geywer, en sy verskyning kondig

nog 'n mylpaal aan in die stryd vir Afrikaans. Die erns waarmee die oprigters besiel was, word in die begroeting van Jan Celliers baie mooi vertolk:

Brandwag hou
die wag getrou:
Slapers lê in lome rus
van gevare onbewus,
ongewek tot stryd en strewe
in die kampperk van die lewe;
hoor hul woord: „die stryd's gedaan,
waarom nou nog brandwag staan?”
Brandwag, dubbel waaksaam nou!
aan jou sorg is hul vertrou.

En g'n een laat jy verby
of jy moet die wagwoord kry.
Wie die jammer het aanskou
wat die haat en heerssug brou,
en na trane, ramp en leed
nou die wagwoord nog nie weet,
Sal die voorhoofteken dra:
„Vyand van Suid-Afrika!”

Die redakteurs van **Die Brandwag**, Preller en dr. W. M. R. Malherbe, het van die begin af daarin geslaag om oor die belangstelling van 'n groot aantal lesers te beskik. Verskeie hoogstaande bydrae van suiwer letterkundige aard het in die blad verskyn, en in 1915 kon die redaksie met trots daarop wys dat **Die Brandwag** vér buite die grense van Suid-Afrika gelees word. Ongelukkig moes die publikasie van die tydskrif in 1922 gestaak word, maar hy het sy werk gedoen en daar was ander om sy plek in te neem.

HOOFSTUK 3.

DIE OFFISIELE ERKENNING VAN AFRIKAANS:

Die Skool, die Kerk en die Staat.

A. AFRIKAANS OP SKOOL.

As ons 'n studie van Afrikaans op skool maak, dan merk ons dadelik dat die stryd om die woordjie „moedertaal” draai en dit is opmerklik dat vooraanstaande manne op onderwysgebied nog tot 1914 met die „moedertaal” en „huistaal” van die Afrikanerkind Nederlands bedoel het. Dit is eers sedert hierdie jaar dat hierdie begrippe in hul ware betekenis gevat word en dat Afrikaans as die enigste „moedertaal” van die Afrikaner erken word. Hierdie erkenning was die vrug van oortuigingswerk en van die eerste suiwere klanke in ons letterkunde, wat ons sedert 1904 verneem, en wat sterker deurbreek sedert 1908.

Die naam van **ADV. C. J. LANGENHOVEN** sal altyd onthou word in verband met Afrikaans in die skool. Sedert 1912 is hy een van die vurigste kampvegters, en toe hy in 1914 tot lid van die Kaapse Provinsiale Raad gekies word, dien hy die volgende belangrike voorstel in:

„Deze Raad hecht zijn goedkeuring aan de toenemende handhaving door het onderwijs-departement van deze Provincie van het gezonde beginsel van onderwijs door medium van de moedertaal der leerlingen, zooals neergelegd in de onderwijsordonnantie; en beveelt aan, dat dat beginsel verder uitgebreid worde door

het gebruik van Afrikaans-Hollands als medium op onze lagere scholen tot en met de vierde standaard, waar het Hollands volgens wet de voertaal is; mits dat geen leesboeken, in het Afrikaans geschreven, voorlopig worden toegelaten, tenzij dezelfde voorzien zijn van een getuig-schrift van goedkeuring door een of meer personen van erkende bevoegdheid, daartoe benoemd door hetzij de Superintendent van Onderwijs, hetzij de Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, en mits het gebruik van zodanige leesboeken niet toegelaten worde waar het betrokken schoolkomitee bezwaar ertegen heeft”.

Hierdie voorstel is eenparig aangeneem en in die selfde jaar gevolg deur soortgelyke voorstelle in die Vrystaat en Transvaal, waar die voorstellers onderskeidelik N. C. Havenga en Ludorf was.

Langenhoven het dit nie hierby laat bly nie. Hy bepleit ook die saak op 'n vergadering van die Akademie en die gevolg was dat daar 'n kommissie benoem word om te sorg vir geskikte skoolboeke in Afrikaans. Die volgende jaar (1915) publiseer die Akademie ook sy eerste spelreëls, wat hierdie werk baie vergemaklik het. Maar dit sou nog 'n paar jaar duur voordat Afrikaans die skool sou binnetree. Die skoolkommissies het nog 'n bietjie skepties gestaan teenoor hierdie verandering, en geskikte skoolboeke moes nog eers hulle verskyning maak.

In die **Kaapprovinsie** was die onderwysers aan die begin teen die Langenhoven-voorstel gekant. Eers in 1916 besluit die Zuid-Afrikaanse Onderwysers-unie om die saak te steun en die volgende jaar dring hy by die Administrasie aan om Afrikaans as voertaal dwarsdeur die laer skool toe te pas.

In die **Vrystaat** was die posisie heelwat gunstiger. Die Onderwysersvereniging (O.V.S.O.V.) het van die begin af hier kragtig opgetree en by die Direkteur aan-

gedring om uitvoering te gee aan die besluit van die Provinsiale Raad. Dat die opvoeders van die jeug in die Vrystaat dit ernstig bedoel het, word ook bewys deur 'n beroep op die Sinode om in te gaan op die wenslikheid van Afrikaans as kanseltaal.

In **Transvaal** het die onderwysers nie 'n vinger verroer om die saak te steun nie. Hier was dit die Pretoriase A.T.G.-tak wat die vuur aan die brand gehou het, en dis aan hierdie tak se vertoë te danke dat die administrasie in 1917 besluit het om uitvoering te gee aan die Ludorf-voorstel, en om Afrikaans van onder af geleidelik dwarsdeur die laer skool in te voer.

In **Natal**, waar die Afrikaanssprekendes in die minderheid is, is Afrikaans eers heelwat later in die skool toegelaat. In die ander drie provinsies het dit sedert 1920 ook die middelbare afdeling verower. Hierdie verowering was 'n groot oorwinning en 'n waarborg vir die letterkunde, want die skool en die letterkunde kan nie van mekaar geskei word nie. Hul belange is so inmekaar geweef, dat ons eers met reg kan verwag dat die geslag wat Afrikaans op skool geleer het, sal kan bydra tot die vorming en opbou van 'n suiwer Afrikaanse letterkunde.

B. ERKENNING DEUR KERK EN STAAT.

Sedert 1910 het die Taalbeweging op verskillende gebiede vrugte afgewerp. In Stellenbosch stig die studente in 1911 hul eerste „**Werda-komitee**” en aan die noordelike universiteite ontstaan die Afrikaanse Studentebond (A.S.B.), wat van 1916 af die studente saamsnoer in 'n geesdriftige stryd vir Afrikaans. Hulle het geen gras onder hul voete laat groei nie en met afvaardigings tot by die Ministers gaan pleit vir hul moedertaal, wat dan ook eindelik die universiteit binnetree. In 1918 word dr. D. F. Malherbe as hoogleraar in Afrikaans

aan die G.U.K. (tans U.K.O.V.S.) aangestel, en spoedig volg die ander universiteite die voorbeeld.

Belangrike werk is gedurende hierdie jare ook gedoen deur die Stellenbosse A.T.V.-tak wat van 1914 af oor 'n eie orgaan, **Ons Moedertaal**, beskik. Onder redaksie van prof. J. Smith, dr. Tobie Muller en G. Tomlinson, het die blad 'n hoë aansien verwerf, want hierdie manne het die vyande van Afrikaans te lyf gegaan en kopskote uitgedeel. In 1916 verenig **Ons Moedertaal** met **Die Huisgenoot**, wat toe pas verskyn het en sedertdien onberekenbare dienste aan ons taal bewys het.

Daar was nog 'n belangrike gebied wat Afrikaans moes verower: **Die Kerk**. Hier het die Vrystaat weer die voortou gevat. Volgens 'n Sinodebesluit van 1916 is aan Afrikaans gelyke regte naas Hollands as kanseltaal gegee. In hierdie jaar stel die Sinode ook 'n kommissie aan om voorbereidingswerk te doen in verband met die Bybelvertaling. Die ander Sinodes het nie lank op hulle laat wag nie. In 1919 het die Sinodes van al die Hollandse kerke in Suid-Afrika hulle al ten gunste van Afrikaans verklaar en dit het die vertaling van die Bybel eindelijk moontlik gemaak. Die Afrikaanse Bybel verskyn in 1933 om die hoogste triomf van die Afrikaanse taal aan te kondig.

In die Parlement is Afrikaans eers in 1918 as offisiële taal erken, maar dit was net 'n gedeeltelike erkenning, want in alle wetsontwerpe en wette, asook in die offisiële dokumente van die twee huise, sou Hollands nog die offisiële taal naas Engels bly. Eers in 1925 het Hollands ook hier, op voorstel van dr. D. F. Malan, plek gemaak vir Afrikaans.

Vanaf die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners het daar vyftig jaar verloop voordat Afrikaans as offisiële taal deur die staat erken is. Dit was vyftig jare van stryd, van knegskap vir die Afrikaner,

van verguising, smaad en hoon, van innerlike verdeeldheid, van ontrouheid teenoor volk en taal, maar dit was ook jare van innerlike ontwikkeling en nasionale ontwaking, wat gelei het tot die eerste stap na uiteindelijke oorwinning, wanneer ons 'n volk sal wees: een van siel en een van sin.

HOOFSTUK 4.

DIE EERSTE AFRIKAANSE VERSE (1906—1910.)

Van die rymwerk van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging tot die verse van die Tweede is 'n geweldige sprong waar te neem—die sprong van rymwerk tot ware kuns. Weliswaar vind ons tussen die twee Bewegings enkele verse waaruit gevoel spreek*, maar die taal is onbeholpe, die segging onpersoonlik; dis nog 'n stameling, 'n soeke na vorm. Eenselwigheid is die kenmerk van hierdie tyd; elkeen wat die rymkuns verstaan, kon meedoen. Dit is dus heel natuurlik dat hierdie produkte meestal naamloos verskyn, want wat maak dit ook saak, dis mos maar die alledaagse geselstrant en gedagtes wat net berym word, deur die een so goed as deur die ander.

Waarom dan meteens so'n geweldige sprong? Tussen hierdie twee gebiede lê die Engelse oorlog wat die volk geskok en ontwrig het, maar ook wakker geskud het. Daar lê ook 'n paar jaar van stilte: jare van stille opvoeding en besinking. Tereg merk Preller aan: „In die oorlogsjare wat daarop volg, is die vaderlandsliefde in lewendige ligte uitgelaai. Op die oorlogsveld en in die vreemde kom besinning en inkeer tot menige Afrikaner. En ná Vereeniging is dit oopgegaan, saggies—seer, en beginne drup-drup, soos bloedtrane uit die geheue drup.”

So tref die eerste klanke na die oorlog ons as die

* Sommige van die verse van Joubert, Reitz en Melt Brink.

onmiskenbare voorlopers van suiwere kuns, van heel persoonlike siening en segging, van verklankte leed:

As die seeklig van die wagskip
op my tent skyn in die nag,
peins ek droef oor huis en makkers,
en die speelyd van weleer —

En sterk spreek die onvernietigbare hoop uit die volgende:

Môre pluk ons blomme — môre!
As die reën en mis eers oor is,
as die modder opgedroog is,
as die son ons toelag, môre!

Op die na-oorlogse verlatenheid wat daar straal uit „Winternag”, asook die nuwe natuurbeleving, is reeds gewys. Dit alles dra die stempel van ware digkuns. Sterk vind ons ook nou die verontwaardiging oor papbroekigheid van eie vlees en bloed, en oor onregverdige oorheersing:

Hoe lang moet ons nog swerf en stry
en stil-swaar worstel met die dwang,
en hoon en smaad en skimptaal ly,
„hoe lang?”

Hoe lang verdra ons nog en wag,
en tel die trane op ons wang,
en duld en ly en treur en smag:
„hoe lang?”

As volk, hoe lang sal ons nog kyf,
eer ons deurgond die dure drang
tot vry-wees, wat ons almal dryf:
„hoe lang?”

Vanwaar die lafaard wat daar meen,
 en ongestraf, met dom gebaar
 durf sê **dat alles ydel was voorheen?**
Vanwaar die arme siele kom
Wat in geen eie toekoms staar,
en ons wil oplos in 'n vreemde drom?*
 Hoe lang sal ons nog spook en doen,
 en dwarstrek, algar blind en bang,
 en koers soek op die held're noen?

Met sulke tone betree ons die gebied van die poësie en 'n nuwe tydperk—die begin van 'n eie letterkunde. Druppelsgewyse kom dit eers, want daar volg eers jare van besinking. Dan, in 1908, word ons verskuns 'n vol-donge feit. Die eerste gediggies van Totius—**By die Monument**—verskyn, asook Jan Celliers se **Die Vlake en ander Gedigte**, wat in 1909 gevolg word deur: **Die Rivier** en in 1910 deur **Uniekantate**.

In hierdie gedigte vind ons veral twee temas: oorlog en natuur. Dit is die nasionale gevoel wat die oorlog-smart omsit in klank en wat die Suid-Afrikaanse natuur gaan sien met 'n persoonlike kyk daarop. In teenstelling met die ou beweging kom die persoonlikheid van segging en siening nou op die voorgrond. Die drang om te sing, uit hom in die heel persoonlike lied. Daarom is die verse in die eerste tien jaar na die oorlog dan ook liries. Daar is die natuurlike drang by die digter om sy eie leed uit te sing, en die nasieleed asof dit sy eie is. Die nasionale drang om vas te klem aan die eie goedere vind uiting in die persoonlike lied, en liriek is die vorm van die heel persoonlike uiting.

Celliers en Totius is gedurende hul studie in die buiteland ook beïnvloed deur die liriese golf wat oor die hele Wes-Europa gestoot het; daarom ook was die ge-

* Vetdruk van my.

weldige sprong van rymwerk tot poësie moontlik. In die begin moes beide Celliers en Totius weliswaar nog sukkel om hulle los te maak van die Hollandse taalvorm en soek na die suiwer Afrikaanse uitdrukking, maar daar was die eie siening van ons Suid-Afrikaanse natuur. Hierdie eie siening van ons natuur, die vrug van opvoeding en digter wees, is die oorsprong van 'n suiwer Afrikaanse kuns.

Celliers, by wie die natuurliefde aan die begin op die voorgrond staan, het ons oortuig van die skoonheid en majesteit van ons natuur, die uitgestrektheid en wydheid van ons eie velde, die kalmte en rus te midde van woeling en storm, ja, die grootsheid van dit wat ons ons eie noem: die velde van ons vaderland. Aanskoulikheid verenig met statigheid van toon, dit is die wese van sy kuns — 'n kuns wat moes aangryp en oortuig. Liefde en bewondering spreek uit sy verse; daarom wys sy ritme en uiting nie 'n uitbundigheid van vreugde aan nie; dis veel meer 'n stille vreugde wat ons hier vind, 'n groot eerbied vir die natuur.

Sy aanskoulike beelde, gesien in die mees algemene vorme, stel ons in staat om die werklikheid te sien:

Soos 'n vlokkie skuim uit die sferes se ruim
kom 'n wolke aangesweef,
maar hy groei in die blou tot 'n stapelbou
van marmer wat krul en leef—

En:

Met dof-sware plof, soos koeëls in die stof
kom die eerste druppels neer,

Of:

Met kloue vooruit om te gryp en te buit
jaag 'n haelwolk langs verby,
Soos 'n perde-kommando wat dreun oor die lande
vertrap en gesel hy —

Naas die suiwer natuursiening vind ons in die Vlake-bundel die oorlogsverse waar die natuur die stemmingselement is, die agtergrond van die volksleed. Treffend vind ons in „**Die Brand**” die winterwind, verkondiger van verlatenheid, en daarnaas die verlate en onbeskermdde moeder en kind by die afgebrande huis. Reeds die beginstrofe skep vir ons die stemming:

Dit is die winterwind wat waai,
al wenend deur die lange nag,
al wenend om die verre dag;
die twye swenk, die takke swaai —
dit is die winterwind wat waai.

In **Die Murasie** (uit **Die Rivier**) word die verlatenheid so intens deurvoel, dat daar uit die siening die simboliese ontstaan. Uit die hele gedig spreek die verwoesting van die oorlog. By die stilstaande water sien ons die verlate murasie:

Met dode-oë starend in die wes —
geen ruit wat blink in vriend'lik awendglore,
geen hand wat sawends daar die luike sluit,
geen warme gloed deur vensterspleet of deur:
die koue nagwind dwaal deur holle sale
en roer die flenters van die muurpapier.
En waar die tafel was met awendspyse
of rusbed, sag gesprei, aan kamerwand,
daar loer die maan die naakte mure ower,
daar lê die naakte balk 'n skaad'wee-band.

In die slot van hierdie gediggie merk ons die reeds naderende onheil wat daar vir die jeug in die stede wag:

In stof van verre stede sien ek sleep
die blomme hier in vredehof geteel ...

Ook vind ons by Celliers die suiwer oorlogsliriek: **Oproeping, Die laaste Aand, Afskeidsmore, Die Kamp-suster** e.a., waarin die stryd, die angs, mannemoed en durf en vroue- en kinderleed uiting vind in sy lied: die nasieleed wat vir ons verewig word in die skone vers.

Treffend is ook Celliers se uitbeelding van huislike lewe en kindersonskuld. Hoe treffend teer en aangrypend mooi word die slapende kindertjies nie vir ons geteken in **Die laaste Aand** nie! Dit vorm 'n geweldige kontras met die uitbeelding van die ouers wat in angs en nood verkeer:

Droom-verlore dotjies,
rustend naas mekaar,
hoor gebed nog klae,
weet van geen gevaar,
met één troos tevrede:
moeder is nog daar,
om die ogies moeg en vaak
met haar soentjies toe te maak.

En na 'n diepe suggie
gaan die borsies teer
So in stille sluimer
stadig op en neer;
handjies sag en roserooi
bo die hofies opgegooi —
reine handjies, sonde-leeg,
handjies waar geen skuld op weeg.

Ook huislike vrede en geluk word vir ons onvergeetlik mooi uitgebeeld. Net 'n paar trekke wat aangryp deur eenvoud, waaragtigheid en stemmingsvolheid, oortuig ons van die werklikheid:

Die windjie is sag soos die ademtog gaat
 van Een wat in liefde geen woord hoef te praat.
 'n Kindekie sluimer, 'n moedertjie kniel
 Dis stil in my huisie . . . dis stil in my siel.

Nog 'n ander kenmerk van Celliers se eerste verse verdien ons aandag. Hy is ook die vaderlander wat sy volk oproep tot 'n nuwe stryd. Mannedaad en veragting van lafhartige jabroeragtigheid, ook dit klink uit sy lied:

Vir my d' Afrikaner van durf en daad,
 wat Mammonseer en loon versmaad,
 sy hoof en sy hand
 vir sy volk en sy land
 en 'n trap van sy voet vir laag verraad!

Glad 'n ander digterpersoonlikheid openbaar Totius se eerste verse: **By die Monument.**

Teenoor die forse beelde van Celliers vind ons hier die onopgesmukte taalgebruik; ons word hier meer getref deur die wonderlike teerheid van gevoel. Die „tere indringing in die smartervaring van vrou en kind” is die wese van Totius se verse. Teerheid is die kenmerk van sy liriese snaar.

Ook by hom vind ons natuur en oorlog as temas, maar alleen die eenvoudige natuurvoorwerpe trek hom en altyd word hulle gesien as 'n simbool van die lewe—in hierdie verse as die simbool van vroue- en kinderleed.

Die verse verplaas ons dadelik in die Engelse Oorlog: **Daar Kom Hul.** In die benoude kindervragies lê die angs vir die naderende onheil. **Die Lied van die Ossewa** bring ons by die plek van ramp en lyding:

Want ek rol, ek en honderde waens met my,
 na die plek waar die vrouens en kinders gaan ly.

Hierdie lyding word besing in 'n lied vol simboliese teerheid. Die doringboompie met „grassies” aan sy „voetjies”, met „takkies” en „dorinkies” en „blaartjies”, is die stille getuie van kindersterfte, soos die kindertjies die stille slagoffers is. Dis ook daarom dat daar 'n grootpad by hom verbygaan:

En nou gaan boompie, daar opsy,
'n grootpad langs jou voetjies;
waar het dan al die gras gebly —
dit gaan tog o so soetjies?

„Let op my baie blare net,
van bo tot op my voetjies;
soveel die blare blaartjies het
trek nou die baie stoetjies,
en daarom leg
'n grote weg
al oor my kale voetjies.”

(Viermaal gesien.)

Teer is ook die lied van vroueleed: **Die Howenier Het Weggegaan**. Weer vind ons die treffende simboliek: Die howenier moes weg en intussen kom die ontaarde knapie, breek die blommetjie van waarde af „en werp sy modder op haar steel”.

En:

Die howenier besoek toe weer
sy rosie en sy gaarde.
Daar lê sy op die slingerpad;
en snikkend sê die blommeskat:
„Ag, was u hier,
o howenier,
dan had ek nog my waarde!”

Die kamplewe het soos 'n kanker gevreet aan die lewe van vrou en kind en menige blommetjie moes verwelk. Maar Totius is die Calvinis wat ons ook geleer het om te berus, want agter alles sien hy die bestierende Hand. Lyding is loutering, reiniging. Hierdie gedagte word later in **Rachel** uitgewerk, maar vind ook nou al uiting in „**Die Besembos**”. Onvernietigbaar soos die besembos is die Calvinistiese geloof van die Afrikaner, wat hom weer uit die as laat opstaan.

Dit ook is die waarde van Totius se verse, dat hulle by al hul skoonheid en teerheid, die nasielewe as iets onvernietigbaars daarstel. Die digter Totius steek nie alleen af na die dieptes van nasieleed nie, maar ontdek daar die onvernietigbare fondament van die Afrikanervolk; daarom kon hy later aanmerk: „Een van ons ideale is meer werd as al die goud van Johannesburg”; daarom ook kan sy volk met die besembos sê:

EK LEEF EN SAL LEWE; MY DOOD KRY IS MIN!

So het Celliers deur sy plastiek en Totius deur sy simboliek ons in 1908 oortuig van die werklikheid, en Afrikaans verhef tot 'n hoër gebruiksfêre—tot kultuurtaal. Hierdie verse het gekom om te bly, om die eerste bloeisels te vorm van 'n jong letterkunde wat nou soos 'n tuin begin blom het. Hulle het gekom om te besiel in die taalstryd en die nasiestrewing, gekom soos 'n genadige seëning. President Steyn het dit so uitgedruk: „Vir my is die eersteling van ons literatuur so heerlik soos die geluid van die eerste reëndruppels na 'n langdurige droogte.”

9293

5265

764